UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Trauma- en stresbegeleiding by tieners deur 'n ondersteuningsgroep: 'n Prakties-Teologiese ondersoek.

L J Pretorius
2012

© University of Pretoria

**Trauma- en stresbegeleiding by tieners deur 'n ondersteuningsgroep: 'n Prakties-Teologiese ondersoek.**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MTh (Praktiese Teologie)

in die

Fakulteit Teologie

(Departement Praktiese Teologie)

aan die

Universiteit van Pretoria

deur

Louis J Pretorius

88656714

Studieleier: Prof. Malan Nel

Maart 2012

© University of Pretoria

'n Woord van dank.

Prof. Malan Nel en dr. Andre de la Porte. U professionele hulp, raad, leiding en aanmoediging met die navorsing het bygedra tot die sukses daarvan.

Dr. Mike van der Linde en me. Loina Bodenstein van die Departement van Statistiek aan die Universiteit van Pretoria. Dankie vir u hulp met die opstel en die verwerking van die statistiek.

My vrou, Johanette en ons seuns Tiaan, Stefan en Ruben. Baie dankie Johanette vir die taalversorging, maar veral vir julle gebede, liefde, onderskraging en aanmoediging.

Lede van die sorggroep met wie ek so baie kon deel. Julle was altyd daar en dankie vir julle aanmoediging en gebede.

Die kerkraad en lidmate van die NG Gemeente Naboomspruit. Dankie vir julle gebede en geduld.

Opgedra aan: Johanette en ons seuns.

© University of Pretoria

**The handling of the stress and trauma of teenagers by a support group: a Practical-Theological inquiry.**

**By L. J. Pretorius**

**Summary**

This study finds it's origin in an awareness of upsetting tendencies observed in the lives of teenagers in rural areas. Initially, many parents were under the impression that their children were growing up in a safe environment and that they were not subjected to the same dangers as children in the cities. Concern on the part of the staff of a local high school about the teenagers' exposure to alcohol and drug abuse as well as sexual activities, raised questions. The question asked was: How equipped are parents, the school and the church as a support group to manage the behaviour of teenagers?

The hypothesis of this study, which also determined the directional approach, was that parents and teenagers are not really in touch with each others' worlds. The question is sometimes raised whether or not the behavioural problems of teenagers can be linked to the attention that parents give to their children. In order to successfully guide teenagers it is necessary to know what is happening in that teenager's world. What is their thought pattern? What do they think about? What is most important in their lives? On what do they spend most of their time? How do they look at life in general? Do they experience trauma and stress?

The purpose of the research is twofold: What are their thoughts concerning matters like sexuality, alcohol and drugs?

© University of Pretoria

Secondly, it is the purpose of this research to help the community to understand teenagers better.

In order to successfully guide and lead them, the counsellor must know them and therefore this study focuses on the world of the teenager living in a rural community. It follows that, in order to enter the world of the teenager and to understand that world, there would among other things be a need for qualitative, exploratory empirical research. This research has indicated that *inter alia*:

- Teenagers in rural towns do become involved in certain sexual activities and also use alcohol. It would appear, however, that they are more careful when it comes to the use of drugs.
- Teenagers would be more likely to talk to their friends about sexual activities than to their parents.
- Parents, when it comes to alcohol and drugs, take the initiative to talk to their children about the use of drugs and the dangers involved.

To address this crisis, certain recommendations are made and certain guidelines are provided for possible discussion. This is, however, not an instant solution, but requires that the community, and specifically parents, teaching staff and the church community have a long standing relationship with the teenagers.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Trauma- en stresbegeleiding by tieners deur 'n ondersteuningsgroep: 'n Prakties-Teologiese ondersoek.**

**deur L. J. Pretorius**

## Opsomming

Hierdie studie vloei uit ‘n bewuswording van ontstellende tendense wat posvat in tieners se lewe op die platteland. Vir eers het baie ouers gedink dat hulle kinders in ‘n veilige milieu grootword en dat hulle nie aan dieselfde gevare blootgestel word as die tieners in die stede nie. Kommer by die personeel van die plaaslike hoërskool oor tieners se blootstelling en vergrype aan drank, dwelms en seksualiteit, het die wenkbroue laat lig en hulle die vraag laat vra: Maar hoe gereed is ouers, die skool en die kerk as ondersteuningsgroep om hierdie gedrag van tieners te bestuur?

Die hipotese wat vir hierdie studie gekies is en wat ook die invalshoek bepaal het, was dat ouers en tieners nie regtig bekend is met mekaar se leefwêrelde nie. Die vraag kom soms ook na vore of die gedragsprobleme wat tieners openbaar nie iets te doen het met die tyd en aandag wat ouers aan hul kinders gee nie. Om hierdie tieners suksesvol te kan begelei, is dit nodig om te weet wat binne die leefwêreld van die tiener aangaan. Hoe dink hulle? Waaraan dink hulle? Wat staan eerste in hulle lewe? Waaraan spandeer hulle die meeste van hul tyd? Wat is hulle lewens-en wêreldbeskouing? Beleef hulle trauma en stres?

Die doel van die navorsing is tweërlei van aard: Hoe dink hulle oor sake soos seksualiteit, alkohol en dwelms? Tweedens wil hierdie navorsing die gemeenskap help om tieners beter te verstaan.

© University of Pretoria

Om hulle suksesvol te kan begelei, moet die berader hulle ken en daarom val die fokus van die studie op die leefwêreld van die tiener binne die plattelandse gemeenskap. Om by die leefwêreld van die tiener uit te kom en daardie leefwêreld te verstaan, sal daar uiteraard van onder andere ‘n verkennende studiemetode gebruik gemaak moet word. As deel hiervan sal daar ook gebruik gemaak word van ‘n kwalitatiewe empiriese navorsing. Hierdie navorsing het ondere andere gewys dat:

- Tieners op die platteland wel betrokke raak by sekere seksuele aktiwiteite en ook alkoholiese drank gebruik. Dit wil egter voorkom asof hulle versigtiger is wanneer dit kom by die gebruik van dwelms.
- Tieners eerder met hulle vriende as met hulle ouers oor seksuele aktiwiteite praat.
- Dat ouers, wanneer dit kom by drank en dwelms, die inisiatief neem om met hulle kinders te praat oor die gebruik daarvan en die gevare daaraan verbonde.

Om hierdie krisis aan te spreek, word sekere aanbevelings gemaak asook sekere riglyne daargestel vir moontlike gesprekvoering. Hierdie is egter nie `n kitsoplossing nie, maar vra dat die gemeenskap, by name die ouers, onderrigpersoneel en die kerklike gemeenskap, `n lang pad sal moet stap met die tieners.

© University of Pretoria

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1**

1.1 Inleiding en agtergrond 1
1.2 Begrensing van die studie 4
1.3 Wat wil ek met die ondersoek bereik en hoe pas hierdie studie binne die veld van praktiese teologie? 5
1.4 Formulering van die probleem en doelstellings 10
1.5 Beplanning en navorsing 13

**HOOFSTUK 2**

2.1 Die tiener en sy leefwêreld 14
2.2 Definisie van `n adolessent 15
2.3 Verskillende ouderdomme van adolessensie 17
2.4 Moontlike probleme wat ondervind kan word 20
2.4.1 Rolverwarring 22
2.4.2 Geslagsidentiteitsprobleme 22
2.4.3 Seksualitiet 23
2.4.4 Tienerswangerskappe en aborsie 24
2.4.5 Molestering en verkragting 24
2.4.6 Geweld 25
2.4.7 Selfmoord en depressie 26
2.4.8 Egskeiding 30
2.5 Ontwikkelingsterreine 30
2.5.1 Fisiese ontwikkeling 31
2.5.2 Emosionele ontwikkeling 32
2.5.3 Sosiale ontwikkeling 35
2.5.4 Intellektuele ontwikkeling 37
2.5.5 Morele ontwikkeling 38
2.6 Tieners en hul uitdagings 39
2.7 Tieners en hul soeke 40

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.8 Tieners en hul worstelinge 41
2.9 Slot 42

## HOOFSTUK 3

3.1 Inleiding 43
3.2 Empiriese navorsing 44
3.2.1 Seksualiteit 45
3.2.2 Alkohol 54
3.2.3 Dwelms 61
3.2.4 Vergelyking tussen seksualiteit, alkohol en dwelms 65
3.3 Samevatting 66

## HOOFSTUK 4

4.1 Inleiding 68
4.2 Narratiewe benadering 69
4.3 Pastorale versorging van tieners 72
4.4 Die gebruik van die Narratiewe benadering in die pastorale versorging van tieners 74
4.4.1 Aktiewe deelnemende luister 75
4.4.2 Dekonstruktiewe luister 76
4.4.3 Eksternalisering 77
4.4.4 Diskoers 81
4.4.5 Unieke uitkoms 82
4.4.6 Tipes verhale 85
4.4.6.1 Die noodverhaal 85
4.4.6.2 Die verledeverhaal 86
4.4.6.3 Die verduisterde toekomsverhaal 88
4.4.6.4 Die herverteIde verledeverhaal 89
4.4.6.5 Die verbeelde toekomsverhaal 90
4.5 Slot 91

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 5

5.1 Aanbevelings 92
5.1.1 Riglyne vir moontlike gesprekvoering 94
5.2 Voorstelle vir verdere studie 95
5.3 Slotwoord 95

Bronnelys 97
Bylaag A Toestemmingsbrief 104
Bylaag B Vraelys aan tieners 108

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

## 1.1 Inleiding en agtergrond.

Die afgelope tyd is die plattelandse gemeenskap van Naboomspruit, elke gemeente, ouerhuis en skole in rep en roer oor ontstellende tendense wat posvat in tieners se lewens. Aanvanklik het baie gedink dat hulle kinders veilig is en dat die tieners op die platteland nie aan dieselfde gevare blootgestel word as die tieners in stede nie. Kommer by die personeel van die plaaslike hoërskool oor tieners se blootstelling en vergrype aan drank, dwelms, seksualiteit, het die wenkbroue laat lig en die vraag laat vra: Hoe gereed is ons om hierdie gedrag van tieners te bestuur?

Baie sê dat tieners pyn beleef en nie weet wat om met hul pyn te doen nie. Deur hulleself fisies te sny, blyk dit dat hul net die pyn wat hulle innerlik beleef, veplaas. Daar is blykbaar bevrediging daarin om te sien hoe die bloed uit hierdie snye vloei. Dit laat mens wonder of ons regtig die leefwêreld van ons tieners ken. Meer nog: Verstaan ons nog ons tieners, want dit wat óns as tieners etlike jare terug beleef het verskil hemelsbreed van dit wat húlle tans beleef.

Waar radio en die telefoon in die sestiger- en vroeë sewentigerjare gesien is as die uitstaande kommunikasie kanale in die wêreld, kan die tieners vandag met die druk van ‘n rekenaarknoppie die hele wêreld aan hulle voete hê. Van selfone en mxit, tot rekenaars, internet en Facebook. Wat dryf hulle om hulself te wend tot hierdie skynbare vreemde optrede?

© University of Pretoria

Volgens ‘n artikel in die Beeld van 10 September 2009 word berig dat in Augustus 2008 ‘n jong seun, ‘n graad 12-leerling van Hoërskool Nic Diederichs in Krugersdorp, ‘n mede-leerling van die hoërskool met ‘n swaard gedood het en ‘n paar omstanders beseer het. Net daarna het Naboomspruit NG Gemeente ‘n tienerkamp aangebied waarin tieners nie net oor hierdie gebeure gepraat het nie, maar ook oor die feit dat baie van hulle vriende hul wend tot dwelms, drank, seksualiteit en selfskending.

Die volwasse raadgewers was raadop en het erken dat hulle nie oor die kennis of vermoë beskik om met hierdie jongmense te praat nie. Hulle weet nie wat om te sê nie. Hierdie saak lê al lank op my hart en in ‘n ouerwordende plattelandse gemeenskap, binne `n gemeente met verskillende bedieninge, kan die leraar nie alleen meer al die sake hanteer nie. Daar is soveel lidmate en onderwysers wat hulle midde in hierdie situasie bevind en hulle hande uitsteek na hierdie kinders in 'n poging om hulle in hul dikwels verwarde en soekende lewensfase te probeer verstaan, bystaan en help.

Hierdie optredes is egter nie uniek op die platteland en selfs in Suid-Afrika nie, maar ook wêreldwyd. Dit kan veral gesien word deur verskillende outeurs wat oor verskillende sake rakende tieners, nie net riglyne probeer gee nie, maar ook die problematiek ondersoek. Ons kan byvoorbeeld dink aan die artikel: “*Now why`d he do that? The nature and correlates of mothers` attributions about negative teen behavior*“. Hierin skryf die outeur: “*The results highlight the ways in which a full understanding of the role of attributions in parent-teen relationships calls for more complex conceptualization of traditional attribution dimensions, notably the internal-external dimension*“ (Heatherington 2007:315).

© University of Pretoria

Die vraag kom soms ook na vore of die gedragsprobleme wat tieners openbaar nie iets te doen het met die tyd en aandag wat ouers aan hul kinders gee nie. In die artikel: "*Fathers` and Mothers` involvement with their adolescents*" skrywe die outeur: "*We explored mothers` and fathers` time spent with their adolescents and found that mothers reported spending more time with their adolescents than did fathers. Developmental patterns were found for some aspects of time involvement with younger adolescents*" (Phares 2009:1).

Ander artikels en boeke wat ook oor tiener probleme al die lig gesien het om ouers, onderwysers, raadgewers en beraders in staat te stel om hierdie optrede te verstaan en te help met berading, is onder andere:

- "*Suicide, substances, and stories: Treating a teenager in trouble*" (Luconis 2001: 302).
- "*Gender-specific intervention to reduce underage drinking among early adolescent girls* " (Shinke 2009:70).
- *"The effect of childhood sexual abuse on adolescent pregnancy*" (Fransico 2008:237).
- "*Love, sex and crime: Adolescent romantic relationships and offending*" (McCarthy 2008:944).
- "*When there is conflict: Interparental conflict, parent-child conflict and youth problem behaviours*" (Bradford 2008:780).
- "*Clinical work with suicidal adolescents and their families*" (Hepworth 1988:195).
- "*Preventing family problems: troubling trends and promising opportunities*" (Tiesel 1992:398).
- "*Youth suicide*" (Allen: 1987:271).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- "*Your defiant teen: 10 steps to resolve conflict and rebuilt your relationship*" (Jackman 2009:123).

Hierdie stof, sowel as vele ander, sal deel uitmaak van hierdie soeke na moontlike antwoorde op die vrae van tieners en om volwassenes en ook ander raadgewers te bemagtig om hierdie sukkelende generasie te kan begelei na veiligheid, na meer vaste grond.

## 1.2 Begrensing van die studie.

Om hierdie tieners suksesvol te kan begelei, is dit nodig om te weet wat binne die leefwêreld van die tiener aangaan. Hoe dink hulle? Waaraan dink hulle? Wat staan eerste in hulle lewe? Waaraan spandeer hulle die meeste van hul tyd? Wat is hulle lewens-en wêreldbeskouing? Om hulle suksesvol te kan begelei, moet jy hulle ken en daarom sou die studie in die eerste plek fokus op die leefwêreld van die tiener binne die plattelandse gemeenskap. Binne hierdie leefwêreld van die tiener sal daar onder andere ook gekyk word na al die verskillende verhoudings wat deel uitmaak van hul lewe.

Tweedens sal die studie ook die fokus laat val op lidmate wat deel wil uitmaak van `n bedieningsgroep in die gemeente. Juis hulle moet bekendgestel word aan die leefwêreld van die tiener sodat hulle toegerus kan word om hierdie tieners te begelei in die stres en trauma wat hul lewens kenmerk.

© University of Pretoria

### 1.3 Wat wil ek met die ondersoek bereik en hoe pas hierdie studie binne die veld van praktiese teologie?

Volgens Heyns is teologie "*die wetenskaplike en die deur die tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God aangaande Homself en Sy direkte verhouding tot die kosmos*" (1977:137). Praktiese teologie is een van die studievelde van teologie. Omdat hierdie navorsing egter binne die veld van praktiese teologie val, sou dit insiggewend wees om ook te verstaan wat onder die veld van praktiese teologie verstaan kan word.

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die praktiese teologie 'n selfstandige teologiese handelingswetenskap is, "dus als het vakgebied binnen de theologie waar het handelen van de pastor wordt geanalyseerd naar zijn verschillende theoretische en praktische aspecten, en wel in hun onderlinge wisselwerking en samehang, in de context van de moderne sameleving" (Menken-Bekius 1998:14).

Om die praktiese teologie as handelingswetenskap te beskryf, beteken om die handelinge van mense in konkrete situasies ernstig op te neem. Alle geloofshandelinge in die kerk en in die breër samelewing word bestudeer (Pieterse 1993:1-4). Schleiermacher het, volgens Louw (1993:70), met sy teologiese bydrae die weg vir die moderne praktiese teologie gebaan.

Die praktiese teologie het sy eie benadering, objek en metodologie, maar as handelingswetenskap is die praktiese teologie met die beskrywing en verklaring van die menslike werklikheid besig (Heitink 1993:146).

© University of Pretoria

Die praktiese teologie as handelingswetenskap word onteenseglik aan die sosiologie as „handels"-vennoot gekoppel (Louw 1996:24).

Die praktiese teologie kies sy uitgangspunt in die ervaringswêreld van mense en die situasie van die kerk in die samelewing. Louw sê die praktiese teologie moet hom op differensiasie en verskeidenheid rig. Die kerk moet met openheid en variasie rekening hou en sal ‘n verskeidenheid van gestaltes moet aanneem en met verskillende modelle moet werk (Louw 1996:31,35).

"*Kyk ‘n mens na die verskillende definisies wat vir praktiese teologie gebruik word, val dit op dat die term kommunikatief dikwels daarin voorkom, die rede: Praktiese teologie is die studie van die handelinge van mense wat daarop ingestel is om ander mense te help om God te ontmoet en met God en hul medemens in gemeenskap te lewe*" (Heyns 1991:8).

Pieterse (1991:1) sê die volgende oor praktiese teologie: "...*die praktiese teologie is daardie deel van die teologie wat krities nadink oor die handeling van mense wat daarop gerig is dat God en Sy Woord by mense uitkom en in mense se lewens gestalte kry. Die praktiese teologie het as objek die geloofshandeling van mense*."

Dingemans (1996:68) dink so oor praktiese teologie ".... *het gaat in de praktische teologie om 'transformatie' en 'verbetering' van de huidige praktijk – en soms selfs om 'intevensie' op grond van de analyse van de situasie, de achterliggende motieven en de teologische visie van de geloofsgemeenschap. Het doel van alle praktisch theologisch onderzoek*

© University of Pretoria

*– en dus ook de maatschappelijke en kerkelijke relevantie – is gelegen in het formulering van aanbevelingen voor een betere praktijk*"

Müller (1996:5) omskryf die praktiese teologie soos volg: "*Die praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en vernuwe*."

Daar bestaan dus 'n wisselwerking tussen teorie en praktyk. Die een is nie belangriker of bo die ander een nie. Die teorie moet voortdurend aan die praktyk getoets word en die praktyk moet vanuit die teorie onder kritiek kom (Heitink 1993:146). Die praktiese teologie maak die wisselwerking tussen evangelie en mens verstaanbaar (Pieterse 1991:8).

Oor praktiese teologie sê Heyns (1997:7) ook: "*In praktiese teologie gaan dit om handelinge wat in diens van die evangelie is, handelinge wat die koms van God in hierdie wêreld dien*."

Müller (1996:4) gebruik die begrip "*narratief* " as beskrywing van die studieveld om die begrip kommunikatiewe handeling te verduidelik. Alhoewel die praktiese teologie die Christelike kommunikatiewe praxis vanuit 'n empiriese benadering bestudeer, is dit 'n teologiese vak met 'n eie teologiese identiteit.

Ek sluit by Pieterse (1991:8) aan as hy sê dat dit moontlik is om 'n praktiese teologie te bedryf waarin teorie en praktyk, Woord en werklikheid in 'n bipolêre spanningseenheid op mekaar betrek kan word:

© University of Pretoria

"*Die praktiese teologie bestudeer die handeling eerste, met die Woord as kernbron en norm, maar dit funksioneer op 'n indirekte wyse sodat teologiese insigte uitgebrei en verryk word deur ander sekulêre menswetenskappe, binne 'n bepaalde konteks, met die oog op verandering van die gegewe situasie*" .

Wanneer daar na al die bogenoemde standpunte gekyk word, kan samevattend gesê word:

- Praktiese teologie is 'n studieveld van die teologie waar die teologie vanuit 'n spesifieke gesigspunt bestudeer word.
- Praktiese teologie bestudeer die geloofshandeling van mense. Nader omskryf: praktiese teologie ondersoek die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Firet 1987:260).
- Praktiese teologie is gerig op die geloofspraxis van die kerk en die samelewing.
- Praktiese teologie is die kritiese teorie van die praxis.
- Praktiese teologie is 'n wetenskap (Heyns 1991:13).

Een van die praktiese aspekte van die bediening (praktiese teologie) is pastorale sorg. Pastorale en geestelike werk is sorg, berading en terapie deur 'n toepaslik gekwalifiseerde werker wat die dimensies van geloof, spiritualiteit, godsdiens en waardes gebruik om mense te begelei tot 'n bevredigende beskrywing en verstaan van hulle lewensomstandighede.

Die doel van pastorale werk is om holistiese genesing in individue, groepe en gemeenskappe teweeg te bring (De la Porte 2006).

© University of Pretoria

Pastorale sorg en berading is dus omgee, om ander te ondersteun, om seergemaaktes te versorg, om daar te wees vir ander. Om empatie te betoon, genesing te bring, om ander te begelei sodat hulle weer kan hoop (De la Porte 2006).

Morgan definieer die Narratiewe benadering as volg "*Narrative therapy seeks to be a respectful, non-blaming approach to counselling and community work, which centres peoples as the experts in their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have many skills, competencies, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives*" (Morgan 2000: 2).

Deur 'n Narratiewe benadering te volg sou lidmate begelei kon word in die proses om tieners hulle lewensverhale te laat vertel sodat hulle daardeur genesing kan kry. Ek sal lidmate graag wil toerus om op 'n pastoraal-verantwoordelike wyse met tieners in gesprek te tree en te begelei om van die mees relevante lewenskwessies te hanteer.

Om by die leefwêreld van die tiener uit te kom en daardie leefwêreld te verstaan, sal daar uiteraard onder andere van 'n verkennende studiemetode gebruik gemaak moet word. As deel hiervan sal daar ook gebruik gemaak word van 'n kwalitatiewe empiriese navorsing. Hierdie navorsing is deel van ons daaglikse bestaan omdat dit juis ons jongmense, die toekomstige leiers se lewens infiltreer. Kerk en maatskaplike gebied word albei geraak deur hierdie navorsing omdat dit die gesin ten diepste raak.

© University of Pretoria

## 1.4 Formulering van die probleem en doelstellings.

Probleemstelling: Tieners op die platteland wend hulle al meer tot twyfelagtige gedrag rakende seksualiteit, dwelms, alkohol misbruik. Tieners doen deesdae dinge wat jongmense oor die algemeen 20 - 30 jaar gelede in ‘n baie mindere mate gedoen het. Waarom ervaar tieners al meer en meer krisisse en probleme? As die plattelandse lewe dan so goed is vir jongmense, waarom “*cope*“ hulle nie beter nie? Ouers van tieners is raadop. Hulle sit met hul hande in hul hare. Waarom hierdie “vreemde“ optrede van ons kinders? Het ons hulle verkeerd grootgemaak?

Dis ‘n realiteit. Tieners tree soms volgens volwassenens se lewensuitkyk vreemd op. Ouers verstaan dikwels nie die optrede van hul kinders nie. Meeste hoop, bid en glo dat die vreemde tydfase in hul lewens so spoedig moontlik sal verbygaan en dat hul tieners ongeskonde daardeur sal beweeg. Ander probeer dit ignoreer, deur óf weg te kyk óf dit bloot net af te maak as iets van kleiner waarde. Nog ‘n paar sê dis die verantwoordelikheid van die kerk en skool om hulle kinders deur hierdie ingewikkelde en konflikbelaaide lewensfase te begelei.

‘n Moontlike oplossing sou wees om ouers en tieners so ver te kry dat hulle met mekaar gesels, mekaar se leefwêrelde verstaan, en ook ruimte vir mekaar maak. Meer nog: Daar kan heel moontlik binne die platte-landse gemeentes ondersteuningsgroepe gemobiliseer word wat tieners en ook hul ouers kan ondersteun in hulle hantering van stres en trauma wat voortvloei uit die stryd teen twyfelagtige gedrag.

© University of Pretoria

Omdat daar in die stede meer toegang is tot pastorale sorg en berading deur kundiges, val die fokus in hierdie studie op die bydrae van sogenaamde nie-kundiges om ‘n verskil te maak in ‘n tiener se leefwêreld.

Daarom kies ek as tema vir hierdie navorsing: **Trauma- en stresbegeleiding by tieners deur 'n ondersteuningsgroep: 'n Prakties-Teologiese ondersoek.**

Wanneer die plaaslike gemeente deur middel van `n goed georganiseerde en gemobiliseerde bedieningsgroep die intensiteit van trauma en stres in die leefwêreld van tieners beter verstaan, sal hulle intensioneel en effektief betrokke raak in die hantering en bediening van trauma by sodanige jonger lidmate.

Naboomspruit is `n tipiese plattelandse gemeenskap met ongeveer 16 820 inwoners in die dorp en omgewing. Hierdie dorp het in 1910 tot stand gekom met die ontdekking van tin. Tans is daar een Afrikaanse Hoërskool met ongeveer 410 leerlinge asook `n Afrikaanse Laerskool met 380 leerlinge en `n klein privaat skooltjie met ongeveer 80 leerlinge (www.wikepedia.com: verkry op 06/09/2010). Tog het tieners in hierdie skole ook hul eiesoortige uitdagings en probleme. `n Paar leerlinge is in 2011 deur `n polisie klopjag wat in die hoërskool uitgevoer is, betrap met spore van dwelms.

Tog voel tieners in hierdie dorpie dat hulle nie al die voordele geniet wat tieners in die stede geniet nie. Hier is nie filmteaters en ‘n verskeindenheid van eetplekke nie, net vakansieoorde en wildsplase.

© University of Pretoria

Ten spyte hiervan probeer hulle hulself besig hou en vermaak met dit wat hulle aan die een kant self opdis en dit wat die skole aan die anderkant aanbied. Wat wel duidelik sigbaar word is dat baie van hulle erg gefrustreerd en verveeld is.

Die doel van die navorsing is tweërlei van aard:

Eerstens om ondere andere deur vraelyste te probeer vasstel wat die werklike leefwêreld van die tiener op die platteland is en wat aanleiding gee tot hul soms vreemde optrede. Waarmee is hulle besig?

Hoe dink hulle oor sake soos seksualiteit, alkohol en dwelms? Maak dit deel uit van hulle leefwêrld? Watter vrese maak dit by hulleself, hul maats, ouers, skool, kerk en gemeenskap wakker. So maklik word gesê dat as ouers meer betrokke is in hulle kinders se lewens, sal hulle die gevaartekens raaksien en die probleme self vroegtydig kan oplos. Ander sê weer dat dit ouers se skuld is dat hulle kinders so vreemd optree. Versaak ouers dalk hulle opvoedingstaak? Is dit bloot net gissings of steek daar enige waarheid daarin?

Tweedens wil hierdie navorsing ons help om die tieners beter te verstaan. Eers wanneer jy werklik verstaan, kan jy met groter begrip vir hul situasie `n bedieningsgroep mobiliseer om effektief betrokke te raak in die verwerking en hantering van die trauma by hierdie jongmense.

© University of Pretoria

## 1.5 Beplanning en navorsing.

In ‘n inleidende hoofstuk word die studie binne die veld van die praktiese teologie geposisioneer: Waar pas pastorale sorg en trauma berading benne die veld van die praktiese teologie?

In ‘n tweede hoofstuk word gefokus op ‘n literatuurstudie. In hierdie hoofstuk word gepoog om die spesifike problematiek van tieners vas te stel. Wie is die tiener en hoe lyk sy wêreld?

In ‘n derde hoofstuk val die fokus op ‘n empiriese studie. In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na die resultate van ‘n vraelys wat onder tieners van die NG Gemeentes van drie plattelandse dorpe versprei is. Nadat al die nodige inligting ingewin is, is die resultate ondersoek en ‘n interpretasie gemaak van wat binne die literatuurstudie ontdek is, sowel as dit wat in die vraelyste gevind is.

In ‘n vierde hoofstuk word vanuit ‘n Narratiewe benadering gefokus op aspekte wat binne ‘n gesprek gebruik kan word om hierdie moontlike probleem of krisis aan te spreek. Sodoende sal ouers en die gemeentelike ondersteuningsgroep in staat gestel word om die hele proses van stres- en traumahantering by tieners te bemeester.

In 'n vyfde en laaste hoofstuk word gekyk na 'n aantal aanbevelings, asook voorstelle vir moontlike verdere studie.

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2.

Die doel met hierdie literatuurstudie is om moontlike tiener probleme uit te lig wat verder ondersoek kan word. Voorts is die doel om te bepaal of daar leemtes in die literatuur is, veral ten opsigte van die tieners op die platteland.

## 2.1 Die tiener en sy leefwêreld.

In die soeke na antwoorde op hierdie probleemstelling, moet daar beslis eers gekyk word na wie hierdie tieners is en hoe hulle leefwêreld lyk. Om hulle leefwêreld te verstaan, is dit noodsaaklik om te kyk na die lewensfase waarin hulle is. Wat is die kenmerke van hierdie lewensfase? As ons van tieners praat, na watter ouderdomsgroep verwys ons? Hoe dink ons oor tienerwees?

Elke ouer het seker sy eie weergawe van wat 'n tiener is. Baie ouers sê dat tieners onverstaanbaar is en net in hulleself belangstel. Hulle leef in hulle eie wêreld en soms verstaan hulle self nie eers hierdie leefwêreld wat hulle vir hulself probeer skep nie. Ander uitsprake wat al oor tieners gemaak is, is onder andere "Iemand wat homself/haarself honger slaap en wakker eet, " dalk nog beter, " 'n tiener is 'n vreemde verskynsel met eienaardige idees oor musiek, haarstyle, kleredrag en die waarde van geld".

"*There is a temptation to think of teenagers as if they are members of a different species, emphasizing the strangeness, the discontinuities (rather than the many significant continuities) between children and adolescents*

© University of Pretoria

*and, indeed, adolescents and adults*" (Herbert 1987:2). Die HAT verwys na tiener as tienderjarige (Odendaal 2000:1156).

Sommige meen tienerwees is " 'n sonskynperiode of blomtydperk in 'n kind se lewe of die tyd van die dromer" (Van Niekerk et al.,1998:52). Tienerwees beteken eintlik om in die pylvak te beweeg tussen kindwees en volwassenheid. As daar van 'n tiener gepraat word, is dit beter om die woord 'adolessent' te gebruik, aangesien dit 'n baie breër prentjie gee van die spesifieke jongmens waarmee ons te make het en wel binne sekere vormingsjare.

**2.2 Definisie van 'n adolessent.**

Dit is baie insiggewend om te hoor wat verskillende navorsers te sê het oor adolessensie.

- Volgens die Psigologie woordeboek (Gouws e.a. 1979:5) word die volgende definisie vir adolessensie gegee: "*Dit is die ontwikkelingstadium wat strek van puberteit tot die bereiking van volwassenheid*."

- Adolessensie, afgelei van die Latynse woord wat groei na volwassenheid beteken, is 'n oorgangs- of brugtydperk tussen die sorgelose kinderjare en die verantwoordelikheid wat volwassenheid meebring (Van Niekerk 1994:53).

© University of Pretoria

- "*The word adolescence is derived from the Latin verb "adolescere", meaning "to grow into adulthood". In all societies, adolescence is a time of growing up, of moving from immaturity of childhood, into the maturity of adulthood*" (Adams 1980:81; Steinberg 1985:6).

- Chamber's Concise Dictionary (1991:12) omskryf adolessensie as: "*Growing from childhood to maturity; between puberty and full maturity, between childhood and adulthood*."

- Garbarino (1985:12) beskrywe adolessensie as: "… *the period of life that begins around the time when the processes of physical and sexual maturation (puberty) move into high gear and ends when young people have assumed responsibility for the major roles of adulthood (economic, sexual and political)*."

- Stevens-Long en Cobb (1983:27) beskryf adolessensie as "… *a period of life that begins with biological maturation, during which people must accomplish certain development tasks, and that ends when they achieve the self-sufficient state of adulthood as society defines it*."

- Nel (2001:32) meen dat adolessensie die tyd is tussen biologiese volwassenheid en sosiale volwassenheid.

- Volgens Louw (2001:388) en Thom (1990:396) is adolessensie die stadium tussen kinderjare en volwassenheid.

© University of Pretoria

Volgens bogenoemde definisies is adolessensie die vormingsjare van tieners. Die oorgangstydperk van jongmense waartydens hulle uit hul kinderskoene in hul volwasse skoene groei. Hierdie vormingsjare is die jare waarin tieners hulself probeer ontdek. Vir die meeste tieners is dit baie traumatiese jare, want hulle liggame asook hulle emosies is voortdurend aan die verander. Dis die jare waarin ouers en ander rolspelers baie geduld aan die dag moet lê, sodat hierdie tieners heel anderkant kan uitkom.

**2.3 Verskillende ouderdomme van adolessensie.**

Weens kulturele en ander verskille tussen seuns en dogters, is dit nie so maklik om 'n ouderdomsgrens aan die tydperk van adolessensie te koppel nie. Baie mense koppel dit aan die begin van 'n hoërskool loopbaan, wanneer kinders die ouderdom van 12 of 13 jaar bereik. Die psigologie woordeboek (Gouws e.a. 1979:5) beskryf die ouderdom soos volg: "*ongeveer 12 tot 21 jaar vir dogters en 13 tot 22 jaar vir seuns*".

"*The physical and physiological changes that take place (on average) at 12 in girls, and 14 in boys, are due to the actions of hormone, and are quite dramatic ….. Girls' development is two years ahead of boys*' " (Herbert 1987:6). Dit mag dalk selfs baie vroeër word, want soos wat die wêreld verander en teen 'n enorme spoed voortsnel, gebeur dit dat ouers hulle kinders al meer druk om vroeër groot te word (Miller Newton 1995:3).

Aan die anderkant skryf Cummings: "*Traditionally, the period of adolescence has been considered in the West as encompassing the teenage years; this notion is changing, however, to include an increasingly longer age span. Social and economic changes in the Western society are*

© University of Pretoria

*forcing young people to remain in school and under the care of their parents for longer periods of time than there counterparts of just a few years ago*" (Cummings 1995:5).

Navorsers het bevind dat puberteit by seuns en dogters een tot twee jaar vroeër begin as wat dit 'n paar jaar gelede begin het. Net so word die boonste grens ook verskuif met 'n jaar of twee weens die ekonomie en die arbeidsmark.

Die meeste navorsers identifiseer drie stadiums van adolessente ontwikkeling. Heel waarskynlik kan sekere gedragsprobleme direk gekoppel word aan 'n sekere stadium waarbinne die adolessent hom/haar bevind.

- Vroeë adolessensie (ongeveer 12 tot 14 jaar). Hierdie fase word veral gekenmerk deur die vinnige liggaamlike groei asook geslagtelike rypwording. In die begin stadium ontwikkel dogters vinniger as seuns.

  Volgens 'n artikel in die Lig tydskrif, Maart 2010 p. 27 het meisies in die jaar 1850 hul eerste maandstonde op 17 gekry. Deesdae, het die Borskankertrust in San Francisco in 2007 bevind, bereik meisies hul puberteit so vroeg soos 12 jaar.

  Seuns haal later die dogters in. In hierdie vroeë adolessente stadium verkies dogters, tot frustrasie van die seuns van dieselfde portuurgroep, ouer seuns. "*In hierdie fase ontwikkel die liggaam egter oneweredig. So kan die hande, voete, arms en bene vinniger as die lyf ontwikkel*" (Van Niekerk et al., 1998:55).

© University of Pretoria

Dikwels daar word in die volksmond na die vroeë adolessente verwys as "*'n ongeluk wat 'n plek soek om te gebeur*."

- Middel adolessensie (ongeveer 15 tot 18 jaar). Die vinnige liggaamlike groei neem geleidelik af. Tieners begin nou om die uiterlike bou van 'n volwassene te toon. Hulle begin hul al meer losmaak van hulle ouers. Hulle raak al meer betrokke in heteroseksuele verhoudings. Hulle word nie net bewus van o.a. hul seksuele drange nie, maar soek ook na moontlike maniere en geleenthede om hierdie drange te bevredig.

  Daar word ook na hierdie groepering verwys as die 'senior hoërskooljare'. "*In hierdie tydperk is jeugdiges hoofsaaklik besig om geestelik (psigies) onafhanklik van hulle ouers te word en om heteroseksuele verhoudings te leer hanteer*" (Engelbrecht 1989:73).

- Laat adolessensie (ongeveer 18-21 jaar): Stadig maar seker begin hulle nie net bewus raak van hul eie identiteit nie, maar tree hulle ook toe tot die volwasse leefwêreld. Hulle verbind hulle ook tot meer sosiale rolle, waarde- en normsisteme. Die jongmens begin al meer fokus op sy doel in die lewe.

"*Hierdie lewenstydperk begin gewoonlik in die laaste skooljare en hou aan totdat jongmense 'n redelik duidelike en konstante sin van persoonlike identiteit verwerf het. Dit is ook die tydperk waartydens hulle hulself verbind tot redelik definitiewe sosiale rolle, waardesisteme en lewensdoeleindes*" (Engelbrecht 1989:73).

© University of Pretoria

‘n Mens kan nie anders nie as om te wonder of elkeen van hierdie adolessente fases nie sy eie unieke probleme oplewer nie. Fases waartydens daar gesoek word antwoorde en oplossings.

**2.4 Moontlike probleme wat ondervind kan word.**

Vandag se kinders is môre se leiers - woorde wat ouers, leerkragte en predikante dikwels hoor. Woorde wat 'n mens baie bekommerd maak as daar geluister word na al die skokkende feite wat oor tieners bekend gemaak word. In 'n artikel wat in Beeld op 21 April 2010 bl. 1 verskyn het, is daar skokkende feite en syfers bekend gemaak.

Volgens die Mediese Navorsingsraad se 2002-jeugrisiko verslag (mrc.ac.za//public/facts25.htm verkry op 03/08/2010) is bevind dat:

- Seks: 41 % het al seks gehad en byna 14 % was die eerste keer jonger as 14. 54 % het meer as 2 seks maats gehad en 70 % het 1 gehad. 14% het alkohol of dwelms gebruik net voor seks.

- Drank en motors: 49 % het al alkohol gebruik.

- 17 % dra wapens en 41 % is al aangerand.

- 8 % het al `n aborsie gehad.

- Dwelms: Talle leerlinge gebruik ook dwelms soos dagga (9 %), kokaïen ( 6 %), heroïen (12 %) en Mandrax ( 6 %).

© University of Pretoria

- Selfmoordpogings: 19 % het al selfmoord oorweeg.

Volgens die 2de Suid Afrikaanse Nasionale jeugrisiko verslag http://www.mrc.ac.za//healthpromotion/yrbs_2008_find_report.pdf verkry op 10/09/2010), is bevind dat meer as 'n vyfde van die tieners (10 270 deelnemers tussen gr 8 en gr 11) wat aan die studie deelgeneem het, al probeer het om selfmoord te pleeg. 10 % het gesê dat hulle al verkrag is en 15 % sê dat hulle wapens by hulle dra.

- Seks: 37,5 % van tieners het al seks gehad en byna 13 % was die eerste keer jonger as 14. Meer as een uit tien van die kinders wat in die vorige ses maande seks gehad het, het boonop erken dit was nadat hulle gedrink en dwelms gebruik het. Net minder as een uit vyf van al die kinders was al swanger of het al iemand swanger gemaak en 17,2% het minstens een kind.

- Drank en motors: 38 % (teenoor 35% in 2002) het die vorige maand in 'n motor gery saam met iemand wat gedrink het en net 15,5 % dra sitplekgordels.

- Gewig: 13 % het groei-inperking, 8 % is ondergewig, 20 % is oorgewig en 5 % het vetsug. Onaktiwiteit het gestyg van 38 % tot 42 %.

- Geweld: 16 % is al met 'n wapen gedreig en 21 % was die vorige ses maande in 'n geveg.

© University of Pretoria

- Tabak: 30 % het al gerook. Talle leerlinge gebruik ook dwelms soos dagga (13 %), stowwe wat ingeasem word (12 %), kokaïen ( 7 %), tik ( 7 %) en Mandrax ( 7 %).

- Selfmoordpogings: styg van 17 % tot 21 %.

Volgens Wagner-Ferreira (2006: 22-30) kan mens nie verwag dat alles goed moet verloop tydens die ontwikkelingsfase van die adolessent nie. Sy identifiseer die volgende moontlike probleemareas:

**2.4.1 Rolverwarring.**

Een van die grootste probleme in hierdie ontwikkelingsfase van die tiener is rolverwarring. Dit is wanneer 'n spesifieke rol van die adolessent verwag word en dit vir hom of haar te moeilik of onmoontlik is om dit te bereik. Rolverwarring word dikwels ook met beroepskeuses geassosieer, want die keuse van 'n beroep is in hierdie tyd baie belangrik. Veral gr. 10-leerlinge moet vakkeuses maak met die oog op 'n toekomstige beroep.

**2.4.2 Geslagsidentiteitsprobleme.**

Afwesige ouerfigure of die mishandeling en aanranding van kinders deur ouers, kan negatief inwerk op die geslags- en seksuele oriëntasie van die tiener (Newton 1995:104-106). Klere en aktiwiteite wat net aan 'n spesifieke geslag gekoppel is, kan opstandigheid aanwakker by adolessente met geslagsidentiteitsprobleme.

© University of Pretoria

### 2.4.3 Seksualiteit.

Volgens die artikel "*Jou tiener en seks*" wat in die tydskrif Lig, Maart 2010 p. 27 verskyn het, toon die nuutste navorsing wat nasionaal gedoen is deur Lovelife (nasionale vigsvoorkomingsprogram ) aan dat:

- 51 % van tieners in Suid-Afrika seks het voor ouderdom 15
- 20 % begin al voor ouderdom 12 jaar met seks te eksperimenteer
- 41 % van 14 jariges seksueel aktief is (aldus die SA Mediese Navorsingsraad).
- 70 % van hulle het meer as een bedmaat en 71 % van hulle gebruik nie kondome nie.

Me. Tinka Labuschagne, 'n opvoedkundige spesialis van die Gautengse onderwysdepartement sê: "*Een van die oorsake van seksuele wangedrag is blootstelling aan pornografie en werklike seks. Kinders leer deur wat hulle sien en hoor*". Rapport 2 (2010:1). Wanneer kinders aan seks en pornografie bekend gestel word, het hulle dikwels nie die vaardigheid om dit te verwerk nie. Daarom gebeur dit dat kinders seksuele gedrag naboots en "uitspeel" teenoor maatjies.

Labuschagne het in 2009 by 15 Hoërskole in Gauteng besoek afgelê en die volgende bevindinge gemaak: "*Altesame 92 % van die respondente het van seks op TV geleer, 80 % deur seksonderrig by die skool en 65 % in boeke. Sowat 'n derde het van seks op die internet geleer. 15 % het geleer deur te kyk hoe ander seks het. 9 uit 10 kinders het toegang tot selfone. 7 uit 10 kinders het toegang tot die internet. 3 uit 5 sê hulle het per ongeluk op pornografie afgekom en 2 uit 5 het al selfoonboodskappe met seksuele inhoud ontvang*" Rapport 2 (2010:1).

© University of Pretoria

Omdat daar 'n gebrek aan volwasse identiteit is, is baie kwesbaar vir seksuele afhanklikheid. Volgens Newton (1995:98) ontwikkel jongmense wat intimiteit deur seks probeer vind, dikwels gedragsprobleme soos chemiese afhanklikheid.

**2.4.4. Tienerswangerskappe en aborsie** (Wagner-Ferreira 2006: 22-30).

Die probleem met seksuele vryheid is dat dit dikwels aanleiding gee tot tienerswangerskappe. Omdat tieners nog "kinders" is wat kinders in die wêreld bring, worstel hulle dikwels met emosionele trauma en sielkundige probleme. Met die wettiging van aborsies word die deur oopgemaak vir ongewensde swangerskappe en moontlik die aanhitsing tot groter seksuele losbandigheid.

**2.4.5. Molestering en verkragting.**

Seksuele molestering is 'n al hoe groter wordende realtiteit wat 'n klomp probleme in die lewe van so 'n tiener veroorsaak. Met die naderende 2010 sokker wêreldbeker in Suid-Afrika, het die vrese by baie mense ontstaan oor hoeveel tieners vasgevang gaan word in 'n seks honger wêreld van prostitusie. Hansen (1991:1) skryf dat wanneer 'n kind gemolesteer word, daardie kind 'n slagoffer in elke sin van die woord is. Emosionele trauma raak oorweldigend en sommige tieners glo dat hulle verdien om gemolesteer te word.

Verskeie gedragsprobleme kan ook by so 'n tiener ontstaan. Hy mag dalk 'n "multiple personality disorder" ontwikkel waarin hy die lelike dinge wat met hom/haar gebeur het, toeken aan die ander persoon om sodoende te probeer oorleef.

© University of Pretoria

‘n Tiener wat in ‘n verhouding is, mag dalk na so ‘n molestering die verhouding verbreek. Aan die anderkant kan baie korttermyn verhoudings aangeknoop word, net om nie alleen te wees nie. Eetversteurings kan ook voorkom. Volgens Hansen (1991:27) dui onlangse navorsing daarop dat tot 90 % van bulimielyers seksueel gemolesteer is as kinders.

"*Allender (1990:115) maak die stelling dat molestering nie begin by seksuele kontak nie. Dit begin alreeds by ’n verskeidenheid simptome in die ouerhuis, soos emosionele verwaarlosing, rolverwarring, koudheid en rigiditeit. Voor die molestering word die gesin gekenmerk deur ongemak en gevoel van leegheid. Dit wil voorkom of die huislike omstandighede die tiener of kind ‘n sagte teiken maak, nie net vir molestering nie, maar selfs vir prostitusie*" (Wagner-Ferreira 2006:26).

**2.4.6 Geweld.**

Tieners word deesdae grootgemaak in ‘n wêreld wat gekenmerk word deur geweld. Nuusberigte en koerante gee elke dag nuwe berigte deur van geweld. So het die koerante en SABC nuus berig oor Morné Harmse, ‘n 18-jarige adolessent wat ‘n mede skolier in Augustus 2008 met ‘n swaard op die skoolterrein vermoor het. Dink maar aan al die gewelddadige films waaraan hierdie jongmense blootgestel word. Obsatz (1999:7) meen dat al hoe meer mense van hul frustrasies ontslae raak deur woede uitbarstings en gewelddadige optredes.

Obsatz (1999:8-9) meen ook dat geweld voortspruit uit gevoelens van eensaamheid en magteloosheid, ‘n lae selfbeeld, frustrasie en woede omdat die persoon kan voel dat niemand hom/haar liefhet vir wie en wat hulle is nie.

© University of Pretoria

Geweld kom ook voor wanneer individue se behoefte aan liefde, vertroeteling, ondersteuning, sorg en waardering nie vervul word nie.

Meer nog, mense wat nie liefde ontvang nie, weet ook nie hoe om liefde aan ander te bewys nie. Kinders wat nie deur hulle ouers verstaan of onderrig word nie, ontwikkel nie die vaardigheid om die lewe se probleme op 'n nie-gewelddadige manier op te los nie (Wagner-Ferreira 2006:28).

Misdaad en geweld het tot gevolg dat tieners nie meer veilig in hul woonbuurt kan rondbeweeg en na willekeur aan buitemuurse aktiwiteite by die skool kan deelneem nie (Kazeen 2004:4).
Obsatz (1999:11) is van mening dat kinders in staat is om al die nodige vaardighede aan te leer wat nie-gewelddadige en vreedsame oplossings vir probleme en konflik aanmoedig.

**2.4.7 Selfmoord en depressie.**

Selfmoordstatistiek oor jeugdiges is ontstellend. In 'n artikel in die Rapport van Sondag 30 Oktober 2005 oor tienerselfmoord, word die volgende skokkende feite genoem:

- Navorsing toon dat tot soveel as 8 000 Suid-Afrikaners jaarliks selfmoord pleeg. Dis amper een elke uur.
- Sowat 'n derde van selfmoordpogings is kinders.

Byna een uit elke 12 kinders in SA het al ‘n selfmoordpoging gehad of dit oorweeg (Jeugfokus 2006:2). Selfmoord is naas motorbotsings die grootste oorsaak van dood onder tieners.

© University of Pretoria

Depressie is die een enkele grootste oorsaak van selfmoord (Jeugfokus 2006:2). 'n Mens soek meestal die oorsaak van selfmoord in omstandighede buite jouself, byvoorbeeld swaarkry, druk om te presteer, wegvlug van een of ander probleem of skande, of ‘n liefdesteleurstelling.

Sulke omstandighede is soms bloot die laaste strooi wat ‘n depressiewe persoon se selfmoordgedagtes tot ‘n daad kan laat oorgaan. Tieners het dikwels ’n romantiese idee van selfmoord. Selfmoord raak ook ‘n maklike uitkoms, veral as ’n vriend/in dit gedoen het. Tog is dit belangrik om daarop te let dat selfmoordgedagtes onafhanklik van omstandighede van buite by ‘n persoon met depressie kan ontstaan. ‘n Selfmoordpoging of -dreigement moet altyd ernstig opgeneem word en nie as aandagtrek afgemaak word nie (Jeugfokus 2006:2).

Depressie word ook dikwels misverstaan. Dis ‘n siekte wat potensieel net so ernstig en dodelik is soos kanker. Depressie is nie moedeloosheid nie. Ook nie stillerig wees of hardop huil nie, al kan laasgenoemde simptome daarvan wees. Dis iets meer ernstig. Dis ‘n siekte wat jou van binne tref en jou gevoelens so verander dat alles pikdonker word, selfs die goed wat gewoonlik lekker is. Persone wat aan depressie ly, weet in hulle kop dat hulle siek is, maar in hulle harte voel hulle dat hulle ‘n mislukking is. Tegnies kan depressie in verskeie tipes verdeel word, maar basies is dit ‘n wanbalans tussen die chemiese oordragstowwe (bv. seratonien en noradrenalien) in jou brein (Jeugfokus 2006:2).

As daar genoeg oordragstowwe tussen die senuwee-eindpunte is, kan jy glimlag en goed voel oor die lekker dinge. As daar ‘n tekort aan oordragstowwe is, lyk alles vir jou donker al skyn die son.

© University of Pretoria

Soms ontstaan daar ‘n oordragstof-tekort wanneer iemand vir ‘n tyd aan meer stres blootgestel word as wat hy met sy streshanteringsmeganismes kan hanteer (Jeugfokus 2006:2).

“*Dr Dora Wynchank, psigiater, beweer dat tot 4% van kinders aan kliniese depressie ly, en die voorkoms daarvan is veral hoog onder tieners. Kinders moet vandag baie sosiale probleme hanteer. Daar is bv. druk van ouers wat skei, hoë voorkoms van gesinsgeweld, seksuele misbruik, asook dwelm- en alkoholmisbruik deur hulle en hulle ouers*” (Wagner-Ferreira 2006:31).

Wanneer tieners boonop aandag moet gee aan skoolwerk en maats sowel as onderwysers wat op hulle pik, wanneer hulle voel hulle word te nakom en kry geen ondersteuning van ouers nie, kan hulle baie maklik alleen en afgesonder voel. Dit kan maklik aanleiding gee tot selfmoordpogings. Dit is eintlik maar net ’n noodkreet om hulp.

Depressie is net soos baie ander siektes oorerflik en dit is dus moontlik om daaraan te ly as ander lede van jou familie ook daaraan ly. Mense wat nie aan depressie ly nie, verstaan depressie soms moeilik. Ons gee maklik raad: "Ruk jou reg." "Tel jou seëninge." "Kom kuier saam vanaand, dan voel jy beter." Later dink ons: "Jy's ‘n regte *drip*, want jy wil niks doen nie." Dan los ons hom of haar. Dis wreed, want ons verstaan nie hoe siek iemand met depressie regtig is nie.

Onder sommige tieners wat nie regtig so ver gaan as om selfmoord te oorweeg nie, is daar ook ander gedragspatrone wat net so ontstellend is.

© University of Pretoria

Aan die eenkant is daar veral die seuns wat wurgspeletjies speel en aan die anderkant die meisies en soms jong volwasse dames wat hul wend tot selfmutilasie.

Volgens ‘n artikel in die Lig tydskrif, Julie 2010 p. 44 is dit veral seuns vanaf so jonk soos 6 jaar tot ongeveer 19 jaar wat die bekende wurgspeletjies op die proef stel. Tieners wat spanning by die huis en die skool ervaar en wat maklik beïnvloedbaar is, is dikwels die prooi van hierdie speletjies. Waarom doen hulle dit?

“*Anders as met selfmutilasie en eetversteurings is wurgspeletjies se doel nie om emosionele pyn te verlig nie, maar eerder ’n vorm van vermaak wat ‘n gevoel van euforie veroorsaak en dikwels seksuele ervarings beklemtoon. Die sensasie is soortgelyk aan dwelmgebruik. Kinders en tieners doen dikwels hieraan mee as gevolg van groepsdruk en/of nuuskierigheid*” (Lig 2010:44).

Volgens ‘n artikel in die Lig tydskrif, Julie 2010 p. 43 vind die toepassing van selfmutilasie meer plaas onder die skoner geslag en wel binne die ouderdomsgroep 14 tot 24. Daar word beweer dat persone wat hierdie gedrag openbaar dikwels aan obsessiewe kompulsiewe versteurings ly. “*Hulle beleef onbeheerbare angs en gedagtes en voel hulleself verplig om iets te doen ten einde hulle angs te verlig*” (Lig 2010:43).

Volgens me. Sonet Strijdom, ‘n kliniese sielkundige van Johannesburg word ‘n moontlike rede tot hierdie gedrag en optrede soos volg weergegee: “*Dit klink misken nie logies nie, maar die rede waarom tieners hulleself liggaamlik skade aandoen, is omdat hulle die emosionele pyn letterlik na die oppervlak wil bring – waar dit vir hulle meer hanteerbaar is*”

© University of Pretoria

(Lig 2010:43). Volgens haar het baie jongmense nog nie die vaardigheid aangeleer om hulle impulse te beheer en emosionele pyn te hanteer nie.

**2.4.8. Egskeiding.**

Hoewel Wagner-Ferreira (2006:28-31) nie hiervan melding maak nie, is egskeiding geweldig traumaties vir die kinders van die gesin waar egskeiding plaasvind. Een van die grootste gevolge van 'n egskeiding is dat daar 'n identiteitskrisis by die kind ontstaan. Die betrokke kind bevind hom/haar in 'n situasie van ongebondenheid en tuisteloosheid. Die gevoel van onveiligheid oor die afwesigheid van 'n ouer skep 'n innerlike onsekerheidsgevoel by die kind.

Louw (1983:52) meen: "*Die kind se morele bewussyn is verward en onderdrukte gevoelens kan tot aggressie aanleiding gee. Hierdie aggressie kan oorgeplaas word op die ouers, die huwelik en selfs godsdiens. Die tiener ervaar byvoorbeeld die huwelik negatief en ontwikkel 'n vrees om eendag te trou*".

**2.5 Ontwikkelingsterreine.**

Vir die verdere verstaan van die tiener is dit noodsaaklik om kennis te dra van die verskillende ontwikkelingsterreine waarbinne hulle hulself bevind. Van Niekerk et al. (1998:58-69) maak melding van die volgende vyf ontwikkelingsterreine, wat ter wille van die duidelikheid van die bespreking van mekaar geskei is, maar eintlik saam gelees behoort te word omdat die tiener in totaliteit ontwikkel.

© University of Pretoria

### 2.5.1 Fisiese ontwikkeling.

Die geslagtelike rypwording is sekerlik die belangrikste kenmerk van die vroeë adolessente fase. Allerlei biologiese veranderinge in die liggaam vind plaas. Die kliere wat groei bevorder en stimuleer word deur elke tiener se persoonlike wekker geaktiveer. Nie elke tiener se wekker gaan op dieselfde tyd af nie, daarom dat sommige tieners vroeër begin verander as ander. Ook kan nie bevestig word wat presies hierdie wekker aktiveer nie.

"*Hormoon afskeidings versteur in baie gevalle die tiener se gemoedslewe. Dit lei tot onverklaarbare stemmingstoestande wat dit vir ander moeilik maak om hom te verstaan. Menstruasie skep byvoorbeeld by die dogter 'n spanningstoestand. Sy is gefrustreerd, nukkerig en buierig* " (Van Niekerk et al. 1998:59).

Vroeë adolessensie word gekenmerk deur vinnig en omvattende liggaamlike groei en die ontwikkeling van seksuele rypheid (Feldman 2004:416; Thom et al. 1998:392). Seuns en dogters beleef hulle liggaams-veranderinge verskillend. Die gemiddelde aanvangsouderdom vir groeiversnelling vir seuns is 12 – 13 jaar en meisies 11 – 12 jaar (Feldman 2004:414).

Adolessente is bewus van liggaamlike veranderinge wat hul ondervind. `n Belangrike lewenstaak gedurende adolessensie is die aanvaarding van die veranderde liggaamlike voorkoms en die integrasie van die selfbeeld daarmee (Gouws & Kruger 1994:16). 'n Negatiewe selfkonsep asook 'n gebrek aan selfvertroue en 'n versteurde verhouding met die teenoorgestelde geslag is van die emosies wat die meeste beleef word.

© University of Pretoria

"*Bewus van hul seksualiteit en van die lede van die teenoorgestelde geslag, begin tieners ook mettertyd "oor die onderdeur loer*" (Van Niekerk et al. 1998:60). Dit volg ‘n bepaalde patroon:

- Aanvanklik geniet hulle dit om in ’n groep uit te gaan waar lede van albei geslagte teenwoordig is. Daar is nog nie sprake van paarvorming of ernstige liefdesverhoudinge nie.
- Die tiener in die middel- en laat adolessente fase raak minder groepsgebonde en soek al meer die geselskap van ‘n enkel lid van die teenoorgestelde geslag op" (Van Niekerk et al. 1998:60).

Van Niekerk et al. (1998:60) maak melding van die volgende kenmerke van fisieke ontwikkeling:

- Versnelde groei
- Ontwikkeling van geslagsorgane en geslagsrypwording
- Skaamhare, baard, borste en stem wat breek
- Velprobleme en postuurveranderinge
- Verhoogde seksuele behoeftes
- Beheptheid met die liggaam en voorkoms.

**2.5.2 Emosionele ontwikkeling.**

Die tienerjare word gekenmerk deur ‘n verandering in die gevoelslewe van die tiener. In die vroeë adolessensie is die emosies van die tiener soortgelyk aan die van ‘n kleiner kind. Wanneer hy/sy kwaad is, is hulle kwaad en sal selfs slaan, skop, hare trek om dit te wys. In hartseer tye sal die trane vloei en in vreugdetye sal hy/sy lag en rondspring.

© University of Pretoria

Wat hulle voel, wys hulle op ‘n konkrete manier. Die oorgang na die middeljare gaan gepaard met tekens van wisselvalligheid. Volgens Thom (2001:439) het navorsing getoon dat adolessente sekere emosionele veranderinge as gevolg van hul liggaamlike-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling ondergaan. Thomas (2001:151) stem hiermee saam.

Van Niekerk et al. (1998:61) meld ook dat emosionele onstabiliteit aan verskeie faktore toegeskryf kan word:

- Liggaamlike ontwikkeling maak hom/haar skaam, selfbewus, teruggetrokke.
- Wisseling in bloeddruk en hormone lei tot moegheid en lusteloosheid.
- Raak bewus van sy eie persoonlikheid, en ontdek dat hy/sy anders as ander mense is. Dit laat hom/haar soms eensaam voel en daarom onttrek hy/sy hom/haar van ander.

Die middel- en laat adolessent se emosionele lewe is meer beheers. Volwassenes se optrede en houdings speel ook hier ’n deurslaggewende rol. Hulle reageer positief en met blydskap en opgewondenheid op aanraking, maar aan die anderkant ook met diepe ongelukkigheid op afbrekende kritiek. Van Niekerk et al. (1998:62) meld ook dat hulle dikwels oorreageer op:

- Onregverdigheid
- Geheime wat deur ‘n vertroueling verklap word
- Belediging of teregwysing voor vriende
- Woede van sy ouers

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Te hoë verwagtinge
- Onbillike onderwysers
- Eise van die portuurgroep.

Persoonlikheids-, emosionele- en identiteitsontwikkeling van die adolessent is nou verweef en daar vind voortdurende wedersydse beïnvloeding plaas. Een wyd aanvaarde mening oor die struktuur van die persoonlikheid is dat dit `n soort "kern" besit waarin die persoon se belangrikste en hoogse waardes gesetel is. Dit is hierdie kern (wat soms die "self" genoem word) wat die deurlopende, saambindende element in die individu se ontwikkeling vorm ( Meyer & Van Ede 1998:12).

Omdat die tieners die emosies waarmee hulle gekonfronteer word nie altyd verstaan en reg hanteer nie, dra hulle dit maklik op ander oor. Veral mense wat baie naby aan hulle is, soos ouers, en boeties en sussies loop die ergste deur.

Van Niekerk et al. (1998:63) som die emosionele ontwikkeling van die tiener op met die volgende uitstaande kenmerke:

- Spanning en konflik
- Verhoogde emosionaliteit
- Gemoedswisselinge
- Uiteenlopende en interne emosies
- Behoefte aan aanvaarding deur die portuurgroep
- Soeke na erkenning
- Behoefte om te behoort.

© University of Pretoria

### 2.5.3 Sosiale ontwikkeling.

Tieners begeer dat ander hulle moet aanvaar en ook erkenning aan hulle gee. Hulle strewe daarna dat ander 'n goeie dunk van hulle sal hê asook dat hulle hul doen en late sal goedkeur. "*Die vroeë adolessent is baie afhanklik van sy gesinslede vir die bevrediging van sy sosiale behoeftes. Hoe ouer hy word, hoe verder skuif hy sy sosiale horison*" (Van Niekerk et al. 1998:64).

Pretorius (1994:113) en Feldman (2004:486) gee aandag aan die volgende twee terreine in die sosiale ontwikkeling van die adolessent:

- Verhouding met ouers: Die adolessent vervang sy/haar ouers as gedragsmodelle en daarom doen hy/sy ook weg met die gewoontes wat hy/sy ontwikkel het, omdat sy/haar ouers daarop aangedring het en nie omdat dit uit sy/haar eie innerlike begeertes voortgespruit het nie. Vroeër het hulle namens hom/haar gedink, beplan en vir hom/haar gesorg, maar nou wil hulle hulle eie weg baan.

- Portuurgroep: Hier kry hy/sy kans om sy/haar idees en opinies te toets.

Elke tiener behoort ook aan sy/haar portuurgroep. Hierdie groep oefen sekere druk uit wat opbouend of afbrekend kan wees. In hierdie portuurgroep kan die tiener leer hoe om teenoor maats van die teenoorgestelde geslag op te tree. Om sy/haar mening teen ander s'n op te weeg en ook om te luister. Tieners deel graag met mekaar wat vir hulle spanning en ongelukkigheid veroorsaak. Die omgewing waarin die tiener groot word, het ook 'n invloed op sy/haar persoonlikheidsvorming en sosiale ontwikkeling.

© University of Pretoria

Thom (2001:454) voer aan dat adolessente oor `n dringende behoefte beskik om “te behoort”. Juis om hierdie rede word hul sosiale ontwikkeling gekenmerk deur `n toenemende belangstelling in en betrokkenheid by portuurgroepe. Thom (2001:456) voer verder aan dat dit egter nie `n gegewe is dat alle adolessente altyd deur `n portuurgroep aanvaar word nie. Persoonlikheidtrekke is dikwels bepalend hiervoor.

Van Niekerk et al. (1998:65-66) maak melding van die volgende kenmerke rakende die sosiale ontwikkeling van die tiener:

- Afhanklikheid van portuurgroep
- Behoefte om te behoort
- Behoefte aan warmte en sekuriteit
- Behoefte aan vriendskappe met tieners van dieselfde asook die teenoorgestelde geslag.
- Vrees vir sosiale verwerping en eensaamheid
- Ontwikkeling van ‘n eie identiteit

Thom (2001:429) verwys na identiteit as die individu se bewustheid van hom- of haarself as onafhanklike unieke persoon met ‘n bepaalde plek in die samelewing. Volgens Thom (2001:430) impliseer identiteitsont-wikkeling dat adolessente moet kan identifiseer wie hulle is, wat vir hulle belangrik is en watter rigting hulle in die lewe wil inslaan.

© University of Pretoria

### 2.5.4 Intellektuele ontwikkeling.

Soos wat die tiener groei en van die een adolessente fase na die ander beweeg, begin hy/sy om al meer en meer sekere denktake abstrak te hanteer. Daarom sal hulle bv. in die middel adolessente fase dinge rondom hulle begin bevraagteken, daaroor te redeneer en selfs ook hulle eie mening vorm. Hulle begin al meer logies te dink en hulle gedagtes sistematiseer. Hulle begin selfs ondersoek instel na die sin en die betekenis van die lewe. Hulle begin ook om belangstelling te toon in politiek en godsdiens.

Tieners begin veral vra na redes vir besluite, opdragte en standpunte. Dit skep ruimte vir konflik tussen tieners en gesagsdraers omdat gesagsfigure soos ouers en onderwysers nie die vermoë het of selfs lus is om breedvoerige verduidelikings te gee of in redenasies betrokke te raak nie.

Van Niekerk et al. (1998:67) maak melding van die volgende kenmerke rakende die intellektuele ontwikkeling van die tiener:

- Verandering in die aard van denkproses
- Dink abstrak in terme van die moontlike
- Bevraagteken ouers se oordeel
- Wil self besluite neem, maar is nog onseker
- Verwag redes vir ouers en onderwysers se besluite
- Intense belangstelling in sosiale, politieke, godsdienstige en maatskaplike sake
- Selfondersoek en selfkritiek

© University of Pretoria

### 2.5.5 Morele ontwikkeling.

Tieners begin mettertyd om ’n eie waardestelsel te ontwikkel. Daarom is daar ’n geneigdheid onder hulle om nie sommer maar net te aanvaar nie, maar ook ondersoek in te stel. Ook hier kan konflik maklik ontstaan, want wat vir die tiener goed en reg lyk, is nie noodwendig in ouers of opvoeders se oë reg en aanvaarbaar nie. “Die tiener wie se ouers warm en liefdevol is en streng morele gedrag uitleef, sal waarskynlik ’n soortgelyke morele waardestelsel ontwikkel” (Van Niekerk et al. 1998: 67). Verwarring by die tieners ontstaan wanneer daar een voorbeeld of gedragskode gepredik word, maar ‘n ander een word deur die opvoeder uitgeleef.

Godsdiensbeoefening het verseker ook ‘n invloed op ‘n tiener se lewe. ‘n Tiener wat in ‘n Christelike huis grootword en wat geleer het en self ervaar wat dit beteken om in ‘n opregte verhouding met God te staan, is meer weerbaar teen allerlei versoekings, soos ondermeer drankmisbruik, aborsie, dwelmafhanklikheid en voorhuwelikse gemeenskap.

Al toets hulle soms die grense is hulle steeds bewus van hul ouers se liefde en die stewige fondament waarop ‘n verhouding met Christus gebou is.

Volgens Feldman (2004:446) is morele ontwikkeling die mate waarin ‘n persoon die waardes waaruit sy/haar morele gedragskode bestaan, internaliseer en daarvolgens optree. Die adolessent begryp die verskil tussen reg en verkeerd en sal die waardes wat hy/sy verdienstelik ag, internaliseer.

© University of Pretoria

Van Niekerk et al. (1998:69) maak melding van die volgende kenmerke rakende die intellektuele ontwikkeling van die tiener:

- Bevraagteken, vergelyk en vra na wat reg en verkeerd is.
- Bedink alternatiewe waardes
- Vorm ‘n eie waardesisteem
- Geloof word meer abstrak, minder dogmaties
- Werk ywerig vir die Here as hulle reg benader word en hul behoeftes deur die kerk reg verstaan word.

**2.6 Tieners en hul uitdagings.**

Tieners is in ‘n geweldige stryd met hulself gewikkel. Hulle grootste probleem is beslis selfhandhawing. Daar is by die tieners ‘n toenemende worsteling om ‘n posisie in die samelewing. “*Die oorvol sosiale en beroepslewe laat min ruimte vir die tiener wat besig is om die sosiale posisie wat hy/sy as kind beklee het, te verwissel met dié van die volwassene*” (Van Niekerk et al., 1998:26).

Pretorius (1990:133-254) identifiseer die volgende sosio pedagogiese probleme wat tipies voorkom by adolessente. “*Die eietydse jeugprobleem kan gesien word in terme van die intense stryd en soeke van die jeug*” (Pretorius 1990:136).

- Die stryd om selfbevestiging
- Die stryd om 'n posisie in die samelewing
- Die stryd teen die instellinge van die volwassenes
- Die stryd teen die oorgeorganiseerde, verouderde lewe
- Die stryd teen die leuenagtige lewe.

© University of Pretoria

"*Die eietydse jeugprobleem is saam met die bevolkingsgroei, oorbevolking, gebrek aan ruimte en al die lewensomstandighede van ons tegniese beskawing 'n 'nuwe sosiale probleem', wat nie maklik opgelos sal word nie, omdat die oorspronge daarvan gesoek moet word in ons moderne beskawing*" (Pretorius 1990:139).

Keniston (Biehler 1981:501-502) meld 'n aantal kenmerke van tieners wat nie adolessente, maar ook nog nie volwassenes is nie en wys daarmee saam op 'n aantal worstelinge:

- Voortdurende spanning tussen hulle en die gemeenskap waarbinne hulle beweeg: "*The adolescent is struggling to define who he is; and thus to recognize the possibility of conflict and disparity between his emerging selfhood and his social order*".
- "*The concept of the wary probe: While adolescents engage in experimentation, youths make '… serious forays into the adult world'. They are also characterized by ' …. A testing, exacting, challenging attitude*"
- Vervreemding. Gevoelens van isolasie word ervaar.
- Sosialisering. Hulle wil eerder wegbreek van die rolmodel wat ander aan hulle toedig.

**2.7 Tieners en hul soeke.**

Tieners kom dikwels ook in opstand teen almal rondom hulle. Heelwaarskynlik is hierdie opstand net 'n front waaragter 'n klompie ander dinge skuil. Vrae soos: Wanneer is ons nie meer kinders nie? Wanneer is ons volwasse? Daarom is daar by hulle 'n voortdurende:

© University of Pretoria

- Soeke na:
  Sin
  Identiteit
  Intimiteit
  Bewussynsverruiming
  Verandering
  'n *élan*
  Egte godsdiensbelewinge
- Alkohol- en dwelmprobleem
- Selfmoord
- Jeugmisdaad
- Pop musiek
- Massa tendense
- Generasie gaping
- Jeug seksualiteit
- Die verskynsel jeug-in-beweging (Pretorius 1990:139-158).

**2.8 Tieners en hulle worstelinge.**

Tieners worstel nie net met soeke na hierdie dinge nie, maar dikwels ook met sekere "issues" in hul lewe. Van Niekerk et al. (1998:26-27) verwoord dit soos volg:

- Die worsteling om 'n posisie in die samelewing.
- Die worsteling met die instellinge van volwassenes
- Die opstand teen die oorgeorganiseerde, verouderde lewe
- Die worsteling met volwassenes se lewe van dubbele standaarde

© University of Pretoria

## 2.9 Slot.

In hierdie literatuurstudie daar gefokus op die tiener, sy/haar lewenswêreld en die verskillende ontwikkelingsfases waarin hulle hulself bevind. Daar is ook gefokus op moontlike probleme wat tieners mag ondervind. Alhoewel hierdie literatuurstudie gefokus het op die tieners in die breër samelewing, gaan die klem indie volgende hoofstuk verskuif word na die tiener op die platteland.

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

## 3.1 Inleiding.

In ‘n artikel van Jip, bylaag van Beeld, Maandag 8 Februarie 2010, p. 3 word die vraag gevra: Wat sê jy oor seks? ‘n Anonieme tiener (18) het die vrae soos volg geantwoord (Jip 2010:3):

| | |
|---|---|
| Is jy seksueel aktief ? | Ja |
| Weet jy van jou klasmaats wat seksueel aktief is en hoe het jy uitgevind ? | Ja.<br>Hulle praat openlik daaroor |
| Is dit aanvaarbaar in julle vriendekring ? | Ongelukkig, ja. |
| Waar trek jy die lyn ? | Seks, bygesê net met een ou. |
| Kondome of pil ? | Albei. *Rather safe than sorry.* |
| Is jy bang vir tienerswangerskap of MIV/Vigs ? | Nee. |
| Ken jy enige seksspeletjies waarvan jy al gehoor het of by betrek was ? | Nee, ha-ha-ha-ha. |
| Sal jy jou vriend/vriendin wat seksueel aktief is, veroordeel of mooi met haar gesels ? | Mooi met haar gesels. Ek doen dit self en is nie juis ‘n *hypocrite* nie. |
| Het ‘n ou al vir jou gesê dat as jy hom liefhet sal jy by hom slaap ? | Nee. |
| Dink jy steeds dat daar ‘n stigma kleef aan *girls* wat jonk al seksueel aktief is ? | Ongelukkig is dit aanvaarbaar. My vriendinne is nou al aktief vanaf 14–jarige ouderdom. Op 18 was ek die laaste een wat my *virginity* verloor het. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**3.2 Empiriese navorsing.**

Vir die doel van hierdie verhandeling, is dit noodsaaklik om te weet wat die tieners op die platteland beleef. Daarom is daar besluit op ‘n empiriese navorsing deur gebruik te maak van vraelyste wat deur tieners ingevul word. Nadat die tieners se ouers toestemming verleen het (sien Bylaag A) is die vraelyste (sien Bylaag B) aan die tieners uitgedeel.

Weens die sensitiwiteit van die onderwerp is daar besluit om nie tieners onder die ouderdom van 16 jaar aan die vraelys bloot te stel nie. Dit mag dalk net wees dat hulle te ongemaklik voel en hul ouers nie toestemming sou verleen nie. Daarom is daar slegs gefokus op tieners tussen die ouerdom van 16 – 19 jaar van die NG Gemeentes in drie plattelandse dorpe. Nadat die leraars van die betrokke NG Gemeentes besoek is en die doel van die studie verduidelik is, is daar vasgestel hoeveel tieners binne hierdie groepering in elke gemeente val.

Daar is altesaam 144 vraelyste uitgedeel en almal is terug ontvang. Ek is oortuig daarvan dat die statistiek wat weerspieël word in hierdie vraelyste betroubaar is. Omdat hierdie vraelyste naamloos ingevul word en op geen manier verbind kan word aan 'n spesefike tiener nie, is ek daarvan oortuig dat die respondente die waarheid weergegee het.

Hierdie vraelys is in samerwerking met die Departement van Statistiek aan die Universiteit van Pretoria gopgestel, onder leiding van dr. Mike van der Linde en me. Loina Bodenstein. Daar is veral gefokus op drie areas, nl. seks, alkohol en dwelms. Die volgende inligting is verkry uit die vraelyste:

© University of Pretoria

### 3.2.1 Seksualiteit.

**1. Hoe oud sal jy op 31 Desember 2011 wees?**

| OUDERDOM | TOTAAL |
|---|---|
| 16 jaar | 41 |
| 17 jaar | 64 |
| 18 jaar | 34 |
| 19 jaar | 5 |

**2. Hoe dikwels praat jy en jou ouers oor die onderwerp seksualiteit?**

| OUDERDOM | DAAGLIKS | MAANDELIKS | WANNEER BEHOEFTE ONTSTAAN | PRAAT NIE MET HULLE DAAROOR NIE |
|---|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 3.85 % | 6.73 % | 45.19 % | 44.23 % |
| 18 – 19 jr | 2.63 % | 2.63 % | 50 % | 44.74 % |

© University of Pretoria

**3. Hoe dikwels praat jy en jou vriende/ vriendinne oor die onderwerp seksualiteit?**

| OUDERDOM | DAAGLIKS | WEEKLIKS | MEER AS EEN KEER PER WEEK | NET BY PARTYTJIES |
|---|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 47.62 % | 15.24 % | 14.29 % | 22.86 % |
| 18 – 19 jr | 35.90 % | 15.38 % | 28.21 % | 20.51 % |

Uit bogenoemde twee tabelle blyk dit duidelik dat seksualiteit nogal ‘n baie gewilde onderwerp onder die tieners is. Meeste van hulle verkies om daagliks met hul vriende oor die onderwerp te gesels; met maats wat hulle weet dalk hul eie frustasie en hunkering verstaan. Maats met wie hul makliker kan identifiseer. Dit bly maar ‘n ope vraag oor waaroor hulle gesels. Is dit gedagtes wat hulle met mekaar uitruil, fantasië wat hul deel of dalk raad wat hul mekaar vra?

Wat egter kommerwekkend is, is dat slegs ongeveer 45 % - 50 % met hul ouers daaroor praat. Dit laat die vermoede bestaan dat hul dalk skaam of selfs bang is om met hul ouers te praat of dat dit ‘n onderwerp is wat verkieslik nie bespreek word nie. Dit gee egter ook daartoe aanleiding dat ouers nie werklik die leefruimte van hul kinders ken nie en sodoende nie vir hulle korrekte leiding, hulp en raad kan gee nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**4. Is jy seksueel aktief?**

| OUDERDOM | JA | NEE |
|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 8.74 % | 91.26 % |
| 18 – 19 jr | 21.05 % | 78.95 % |

Alhoewel seksualiteit 'n baie gewilde onderwerp onder die tieners is, is dit verblydend om te sien dat beoefening daarvan egter 'n baie lae persentasie geniet. Dit mag dalk die gevolg wees daarvan dat tieners op die platteland nie heeltemal blootgestel word aan seksuele praktyke nie.

Aan die ander kant mag dit ook wees omdat ouers nog 'n aktiewe rol speel in hul kinders se opvoeding. Omdat Naboomspruit 'n baie klein gemeenskap is, sal die beoefening van sulke praktyke gou hoorbaar word. Dit wil voorkom asof dit by die 18 – 19 jariges effens meer beoefen word. Een moontlike rede hiervoor mag dalk wees dat hierdie tieners meer bevriend is met kinders wat reeds die skool verlaat het of dalk selfs kuier met studente wat in ander kringe beweeg en ander verwagtinge koester binne verhoudings.

© University of Pretoria

**5. Hoe gereeld soek jy seksuele toenadering?**

| OUDERDOM | DAAGLIKS | WEEKLIKS | MAANDELIKS | TROUDAG |
|---|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 5.83 % | 1.94 % | 7.77 % | 84.47 % |
| 18 – 19 jr | 12.82 % | 2.56 % | 10.26 % | 74.36 % |

Uit die tabel blyk dit ook duidelik dat tieners op die platteland steeds baie waarde heg aan hoë morele standaarde en dat 'n baie groot persentasie van hulle hul kuisheid baie hoog ag, veral wanneer dit vergelyk word met die 2008-jeugrisiko verslag.

Volgens die 2de Suid Afrikaanse Nasionale jeugrisiko verslag (http://www.mrc.ac.za//healthpromotion/yrbs_2008_find_report.pdf, verkry op 10/01/2010), het 10 270 tieners tussen gr 8 en gr 11 aan `n studie deelgeneem. 37,5 % het al seks gehad en byna 13 % was die eerste keer jonger as 14. Meer as een uit elke tien kinders wat in die vorige ses maande seks gehad het, het boonop erken dit was nadat hulle gedrink en dwelms gebruik het. Net minder as een uit vyf van al die kinders was al swanger of het al iemand swanger gemaak en 17,2 % het minstens een kind.

Volgens die artikel "Jou tiener en seks" wat in die tydskrif Lig, Maart 2010 p. 27, verskyn het, toon die nuutste navorsing wat nasionaal gedoen is deur Lovelife (nasionale vigsvoorkomingsprogram ) aan, dat:

- 51 % van tieners in Suid-Afrika het seks voor ouderdom 15
- 20 % begin al voor ouderdom 12 jaar met seks te eksperimenteer

© University of Pretoria

- 41 % van 14-jariges is seksueel aktief volgens die SA Mediese Navorsingsraad.
- 70 % van hulle het meer as een bedmaat en 71 % van hulle gebruik nie kondome nie.

Dit is verblydend om op te merk dat die grootste persentasie tieners van die platteland eerder verkies om te wag totdat hulle getroud is voordat hulle uiting gee aan die behoefte van seksuele bevrediging.

**6. Waar behoort jy te stop wanneer iemand jou seksueel opwek?**

| OUDERDOM | PIKSOENE | HANDE VASHOU | LANGDURIGE SOENE | GESLAGSDELE BETAS OF ONTBLOOT |
|---|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 5.88 % | 3.92 % | 70.59 % | 19.61 % |
| 18 – 19 jr | 0 % | 2.56 % | 58.97 % | 38.46 % |

Weereens is dit uit hierdie tabel duidelik dat die 16 – 17 jarige groep ‘n duideliker idee het van tot waar hulle dit sou wou waag. By die ouer groep 18 – 19 jaar is dit ook duidelik dat ‘n groter groep meer wil doen met die seksuele drange wat by hulle wakker gemaak word.

© University of Pretoria

**7. Films wat eksplisiete sekstonele bevat en net gerig is op persone bo die ouderdom van 18 jaar, word ook op TV vertoon. Het jy al daarna gekyk.....**

| OUDERDOM | BY OUERHUIS | BY VRIENDE | EK KYK NIE |
|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 19.05 % | 29.52 % | 52.38 % |
| 18 – 19 jr | 29.77 % | 30.20 % | 41.03 % |

Dit is duidelik dat dit wat deur die media beskikbaar gestel word, tog deur die tieners in albei ouderdomsgroeperinge gebruik word. 48 % van die tieners onder die ouderdom van 18 jaar, steur hulle nie aan die ouderdomsbeperking wat deur die uitsaaier bepaal word nie. Dit bly weer eens 'n ope vraag of die ouers van hierdie kinders bewus is van hierdie feit dat hul kinders hierna kyk.

Tussen 40 % en 50 % van die tieners kies doelbewus om nie daarna te kyk nie. Heel waarskynlik het dit te doene met die feit dat ouers leiding aan hulle kinders gee in hierdie verband.

In 'n vraag rondom pornogrofiese tydskrifte erken 60 tieners dat hul al van hierdie tydskrifte gelees het, 5 het daarvan gekoop, 4 het al by maats geleen en 3 van die tieners het dit wat hul gekoop het aan ander beskikbaar gestel.

© University of Pretoria

**8. Hoeveel tyd spandeer jy aan seksuele stimulasie deur die gebruikmaking van jou selfoon?**

| OUDERDOM | 'N PAAR UUR PER DAG | EEN KEER PER WEEK | GEENSINS |
|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 0 % | 15.15 % | 84.85 % |
| 18 – 19 jr | 2.56 % | 25.64 % | 71.79 % |

Selfone word lankal nie meer net gebruik om sms boodskappe en telefoonoproepe te maak nie. Omdat tieners met hul selfone vrye toegang tot internet het, sluit dit vir hulle 'n wêreld oop waarbinne hulle na willekeur kan swerf. Uit bogenoemde statistiek is dit wel duidelik dat van hierdie tieners hul selfone gebruik om hul self te stimuleer.

**9. God het ons geskape met seksuele drange. Is seksuele omgang voor die huwelik sonde?**

| OUDERDOM | JA | NEE |
|---|---|---|
| 16 – 19 jr | 88.81 % | 11.19 % |

Met hierdie vraag is gepoog om te probeer vasstel hoe tieners hul verhouding met God beleef en hoe hul die Woord van God lees, interpreteer en verstaan. Dis egter duidelik dat 'n baie groot persentasie van die tieners (88.81 %) tog besef dat God die huwelik ingestel het as die veilige area waarbinne seksualiteit beoefen behoort te word.

© University of Pretoria

**10. Tieners speel dikwels verskillende seksuele speletjies. Aan watter speletjies en hoeveel keer (per week) het jy al deelgeneem.**

| **OUDERDOMSGROEP →**<br>**SPELETJIE NOMMER ↓** | **16 – 17 JR** | **18 – 19 JR** |
|---|---|---|
| 01 | 0 | 4 |
| 02 | 1 | 1 |
| 03 | 0 | 1 |
| 04 | 0 | 1 |
| 05 | 0 | 2 |
| 06 | 0 | 3 |
| 07 | 0 | 1 |
| 08 | 0 | 1 |
| 09 | 0 | 1 |
| 10 | 0 | 1 |
| 11 | 0 | 1 |
| 12 | 1 | 1 |
| 13 | 2 | 0 |

Die speletjies waarmee die tieners hulself en ander besig hou en vermaak is ondere andere:

01. Kiss and blow
02. Dokter, dokter
03. Donkie
04. How to blow your partners horn
05. You touch my body and I touch yours
06. Spin the bottle
07. Rock my body
08. Licky, licky

© University of Pretoria

09. Bang, boom, bang
10. Cops and robbers
11. Suck and blow
12. Kissing touchers
13. Strip poker

In totaal het 13 tieners (9 %) aangedui dat hulle een of ander seksspeletjie speel. 3 van hierdie tieners (2 %) is in die ouderdomsgroep 16 – 17 jaar, terwyl 10 van hulle (7 %) in die ouderdomsgroep 18 – 19 jaar val. Een tiener erken dat hy/sy twee speletjies speel. Een 7 keer per week speel en 'n ander een 3 keer.

Nog 'n tiener erken dat hy/sy 4 verskillende speletjies per week speel. Een speletjie 4 keer, ander een 2 keer en nog twee speletjies elk 1 keer per week.

Daar is egter nog baie ander verskillende speletjies wat tieners speel. Volgens Gretha Wiid (2009:20-23) neem laerskoolkinders vanaf Graad 5 ook deel aan van die speletjies:

- "Truth and dare" – hulle daag mekaar uit om persoonlike besonderhede per SMS te erken en om via hul selfone ontblotende foto`s van hulself te stuur.
- "Seven minutes in heaven" – kinders kry 7 minute om agter toe deure te wees en mekaar "van nader te leer ken"
- "Bingo" - Veral Graad 5-8 seuns staan in 'n kring rondom 'n kaal foto van 'n vrou en masturbeer. Hulle kyk wie eerste kan ejakuleer en wie naaste aan die "kaal tannie" kan "kom".

© University of Pretoria

- ”Rainbow games“ – Meisies sit lipstiffie aan en maak dan kringe om seuns se penisse met hul monde.

Dan is daar ook nog die ”das-speletjie“ en ”uitpass-game“ waar tieners hulself of hul maats verwurg of versmoor tydens seks en gee ‘n heel nuwe betekenis aan seks wat jou uitasem laat.

In Finesse (2011:67) word berig oor die nuuste sekspeletjie „Jelly Bangles“ wat sy kop uitgesteek het in Suid-Afrika. “*Jong meisies dra verskillende kleure jelly bangles wat verskillende seksuele gunsies voorstel. Wanneer ‘n outjie die bandjie van ‘n meisie se arm afruk, moet die meisie dít wat die bandjie voorstel, met die ou doen.“ Nie alle meisies wat die bandjies dra, speel die speletjie nie, maar dis nie wat tieners seuns dalk mag dink nie. “Hierdie bandjies dateer uit die tagtigs, maar die konnotasies wat deesdae daaraan gekoppel word, is heeltemal die teenoorgestelde as destyds* “

### 3.2.2 Alkohol.

1. **Hoe oud was jy toe jy die eerste keer alkoholiese drank gebruik het?**

| OUDERDOM | PERSENTASIE |
|---|---|
| Jonger as 12 jaar | 3.52 % |
| Tussen 12 en 14 jaar | 7.04 % |
| Tussen 14 en 16 jaar | 36.62 % |
| Ouer as 16 jaar | 19.75 % |
| Ek gebruik nie alkohol nie | 33.10 % |

© University of Pretoria

Daar is nie spesifiek gevra na die tipe alkohol en of dit met of sonder ouers se toestemming gebruik is nie. Daarom kan dit vonkelwyn, nagmaalwyn, bier, appelwyn of self baie sterk drank wees. Wat mens wel hieruit kan aflei, is dat dit die ouderdom is waaraan hierdie tieners blootgestel is aan alkoholiese drank. In die volgende 6 tabelle gaan daar net gefokus word op die 66,9 % tieners (dit is 95 van die 144 wat die vraelyste ingevul het), wat wel melding gemaak het van die feit dat hulle alkoholiese drank gebruik.

2. **Hoe dikwels gebruik jy alkohol?**

| **OUDERDOM** | **EEN KEER PER WEEK** | **OOR NAWEKE EN BY PARTYTJIES** |
|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 11.16 % | 88.24 % |
| 18 – 19 jr | 17.24 % | 82.76 % |

Uit die tabel by vraag 2 kan jy duidelik sien dat die groot meerderheid van tieners alkohol tydens naweke en by partytjies gebruik. Dit bly ‘n ope vraag of ouers deeglik bewus is van hierdie gebeure in hul kinders se lewens.

Dit neem kommerwekkende afmetings aan, veral wanneer dit vergelyk word met gegewens uit die 2008-jeugrisiko verslag. Volgens die Suid-Afrikaanse Nasionale jeugrisiko verslag (http://www.mrc.ac.za//healthpromotion/yrbs_2008_find_report.pdf verkry op 10/01/2010), is bevind dat meer as ‘n vyfde van die tieners (10 270

© University of Pretoria

deelnemers tussen gr 8 en gr 11) wat aan die studie deelgeneem het 38% (teenoor 35 % in 2002) die vorige maand in 'n motor gery saam met iemand wat gedrink het.

3. **Waar kry jy die alkohol wat jy gebruik?**

| OUDERDOM | BY MY OUERS | EK KOOP DIT | BY MY VRIENDE |
|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 25 % | 20 % | 55 % |
| 18 – 19 jr | 13.33 % | 50 % | 36.67 % |

Uit tabel 3 se gegewens kan die volgende afleidings gemaak word:

- Eerstens: dat daar 'n klein persentasie tieners is wat alkohol onder toesig en goedkeuring van hul ouers gebruik.
- Tweedens: Al gewonder wat tieners doen met die sakgeld wat hulle kry? Hier is een antwoord daarop. Of hulle dit nou self koop of geld vir ander gee om dit namens hulle te koop, maak nie regtig saak nie. Hulle koop alkohol en gebruik dit.
- Derdens: Die partytjie waarheen tieners uitgenooi word. Weet ouers wat regtig daar gebeur? Weet die betrokke ouers wat die partytjie reël wat daar gebeur, of nog erger, keur sommige ouers nie dalk ook die gebruik van alkohol goed by hul kinders se partytjies nie, juis omdat hulle self die alkohol voorsien?

© University of Pretoria

4. **Hoe laat dit jou voel wanneer jy alkohol gebruik?**

| **OUDERDOM** | **ONTSPANNE** | **EK VOEL STERK** | **EK VERGEET VAN MY PROBLEME** |
|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 58 % | 8 % | 34 % |
| 18 – 19 jr | 57.14 % | 17.18 % | 25 % |

Eerstens: In hierdie statistiek is daar 55 % tieners van die ouderdomsgroep 16 – 17 jaar en 34 % tieners van die ouderdomsgroep 18 – 19 wat erken dat die gebruik van alkohol hul help om van hul probleme te vergeet. Dit wil voorkom asof hierdie tieners nie oor die nodige vaardighede beskik om hul probleme te hanteer en te verwerk nie. Dit laat die vraag ontstaan of ouers bewus is van dit waarmee hul kinders sukkel en of hulle weet watter probleme hulle kinders bly pootjie.

Volwassenes weet dat die gebruik van alkohol nie jou probleme wegneem nie. Vir ‘n wyle mag dit dalk so voel, maar wanneer die effek van alkohol verdwyn, ontdek die gebruiker daarvan dat die probleme steeds aanwesig is. ‘n Dure les wat ouers hulle kinders graag wil spaar, maar ongelukkig volg nie almal hierdie raad nie. Die gebruik van alkohol neem nie probleme weg nie, maar het egter ‘n sneeubal effek. Kort voor lank raak tieners afhanklik daarvan, verslaaf daaraan en neem dit al die mooi in die lewe van hulle af weg.

“*Alhoewel relatief min tieners uiteindelik alkoholiste word, is alkoholmisbruik algemeen. Alkoholafhanklikheid of alkoholisme word by 6 tot 8 persent van diegene wat alkohol gebruik, aangetref*“ (Van Niekerk 1994:314).

© University of Pretoria

Tweedens: Die alkohol wat tieners gebruik laat hulle ontspanne voel en help hulle om te vergeet van die druk wat vriende, ouers en skool op hulle plaas. Dis hierdie druk wat ook veroorsaak dat sommige tieners nie meer die mooi dinge in die lewe raaksien en geniet nie. In hierdie lig word alkohol heel waarskynlik as 'n ontsnappingsmiddel gebruik om weg te vlug van die werklikheid.

Volgens Van Niekerk (1994:316) moet ouers uitkyk vir die volgende tekens wat dui op alkoholmisbruik:

- Die tiener begin spog met sy „*juice, dop en booze*"
- Hy is behep met alkohol
- Vertel gewoonteleuens
- Raak angstig as alkohol weerhou word
- Hy spog oor die hoeveelheid wat gedrink is
- Dink verskonings uit om te drink
- Eet baie pepermente en asemverfrissers
- Ontken die probleem
- Ly aan naarheid, eetverlies en vomering.

Volgens Van Niekerk (1994:316-317) is die gevolge van alkoholmisbruik 'n ernstige saak waarvan elke ouer en ook elke tiener deeglik bewus moet wees:

- Fisieke gevolge is ondere andere: hoë bloeddruk, maagsere, nierversaking, floutes, velswere, swak gesondheid, slegte spysvertering, algemene wanvoeding, sirose van die lewer, verlies van breinweefsel, vergiftiging.

© University of Pretoria

- Psigiese gevolge behels ondere andere: neuropatie, ernstige afhanklikheid, onderprestasie, aggressiewe gedrag en depressie.

**5. Hoe dikwels gesels jou ouers met jou oor die gebruik van alkohol?**

| OUDERDOM | NOOIT | VOOR PARTYTJIES | NET EEN KEER | HULLE OORREAGEER |
|---|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 12.50 % | 56.94 % | 18.06 % | 12.50 % |
| 18 – 19 jr | 9.38 % | 65.63 % | 9.38 % | 15.63 % |

Uit die statistiek in vraag 2 en 3 is dit duidelik dat tieners by hul vriende, saam met hul vriende, oor naweke en tydens partytjies alkohol gebruik. Uit die statistiek in vraag 5 is dit duidelik dat ouers bewus is van hierdie gevare en daarom met hul kinders praat oor die gebruik van alkohol by vriende se partytjies. Dit wil voorkom asof hierdie gesprekke nie veel positiewe resultate oplewer nie, aangesien hierdie tieners steeds alkohol saam hul vriende gebruik.

© University of Pretoria

6. **Indien jy na 'n partytjie genooi word waar alkohol is word jy .....**

| OUDERDOM | GENOOI OM SAAM TE DRINK | GESPOT OMDAT JY NIE DRINK NIE | VERMY | GEDWING OM SAAM TE DRINK |
|---|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 60.38 % | 18.87 % | 7.55 % | 13.21 % |
| 18 – 19 jr | 67.86 % | 21.43 % | 0 % | 10.71 % |

Dit is hieruit duidelik dat tieners wat partytjies reël baie gasvry is en graag wil hê dat hulle vriende saam met hulle moet deel in dit wat gebied word. Omdat niemand daarvan hou om gespot te word nie, of nog erger, vermy te word nie, gee baie van hulle toe aan die druk wat op hulle geplaas word en daarom besluit hulle tog om saam met die groep alkohol te gebruik. 'n Mens wonder soms hoeveel van hierdie tieners aan hul ouers vertel wat hulle by sulke partytjies ervaar.

7. **Wat sou jy dink is 'n gepaste straf vir tieners wat gedurende skooltye drink?**

| STRAF | PERSENTASIE |
|---|---|
| Skorsing | 31 % |
| Negatiewe inskrywing | 2 % |
| Detensie | 15 % |
| Stel ouers in kennis van die probleem | 31 % |
| Gemeenskapsdiens | 21 % |

© University of Pretoria

In hierdie vraag is daar gepoog om tieners te laat dink aan watter moontlike gevolge daar kan wees wanneer iemand gevang word wat gedurende skooltye drink. Dit is baie interessant om te sien dat skorsing en ouers wat in kennis gestel word van die probleem baie groot persentasies geniet. Sou 'n mens kon waag om te sê dat hierdie tieners tog wil sien dat oortreders die gevolge van hul dade moet dra?

### 3.2.3 Dwelms

**1. Watter dwelms kom jy in jou vriendekring teë?**

| TIPE DWELMS | HOEVEEL GEBRUIK DIT |
|---|---|
| Geen dwelms | 108 |
| Dagga | 13 |
| LSD | 0 |
| Heroïen | 0 |
| Kokaïen | 0 |
| Ecstacy | 3 |

Dit is verblydend om te sien dat hierdie groepering van tieners nie baie tyd spandeer aan dwelmmiddels nie. Daar is tog ‘n bietjie kommer oor die 13 gebruikers van dagga, want dagga word gewoonlik gesien as die dwelmmiddel wat die hek oopmaak vir ander middels. Sodra dagga hulle nie meer bevredig nie, mag dit gebeur dat hulle begin soek na ander, sterker middels om hul te bevredig.

© University of Pretoria

In hierdie groepering van tieners was daar ook ander middels wat deur van hierdie tieners gebruik word, nl. "*Drank, Benzene, Hubbly–Bubbly, Spray and Cook, Brandstof, Rook, Road Runners en Rowwe growwe piesang*."

**2. Hoe dikwels gesels jou ouers met jou oor die gevare van dwelms?**

| OUDERDOM | NOOIT | VOOR PARTYTJIES |
|---|---|---|
| 16 - 17 jr | 29.81 % | 70.19 % |
| 18 - 19 jr | 24.32 % | 75.68 % |

Uit bostaande statistiek is dit weer eens duidelik dat ouers met hul kinders praat oor dwelms, die gevare daarvan, die gebruik daarvan en sekerlik ook die risiko daaraan verbonde. Dit is tog ook kommerwekkend dat daar ouers is wat glad nie met hul kinders hieroor praat nie. Dit kan wees dat hulle oortuig is dat hulle kinders nie dwelms gebruik of in die versoeking sal kom nie. Maar dit kan ook wees dat ouers self onkundig staan en nie weet hoe om met hul kinders hieroor te praat nie.

© University of Pretoria

**3. Indien jy na 'n partytjie genooi word waar dwelms is ...**

| OUDERDOM | WORD JY GENOOI OM DIT TE GEBRUIK | WORD JY VERMY | BEL JY JOU OUERS OM JOU TE KOM HAAL |
|---|---|---|---|
| 16- 17 jr | 3.33 % | 11.11 % | 85.56 % |
| 18 – 19 jr | 14.29 % | 8.57 % | 77.14 % |

Hierdie statistiek dui daarop dat hierdie groep tieners nie by dwelms en dwelmgebruik betrokke wil raak nie. Daarom die besluit om hul ouers te kontak sodat hulle uit die situasie weggeneem kan word.

**4. Sommige tieners gebruik dwelms omdat hulle ....**

| OUDERDOM | PROBLEME HET | NUUSKIERIG IS | DEEL VAN DIE GROEP WIL WEES |
|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 26 % | 16 % | 58 % |
| 18 – 19 jr | 18.42 % | 36.84 % | 44.74 % |

Spanning, vrees, stres, onsekerheid, angs, druk van die portuurgroep, akademie – dit is alles voorbeelde van moontlike probleme waarmee tieners worstel. Sommige praat daaroor terwyl ander die moontlikheid ondersoek om van dwelmmiddels gebruik te maak om van hierdie probleemwêreld te probeer ontsnap.

© University of Pretoria

Besef ouers, onderwysers en selfs die ouerwordende geloofs-gemeenskap regtig die druk waaraan hierdie tieners blootgestel word?

Dit neem kommerwekkende afmetings aan, veral wanneer dit vergelyk word met gegewens uit die 2008-jeugrisiko verslag. Volgens die Suid-Afrikaanse Nasionale jeugrisiko verslag (http://www.mrc.ac.za//healthpromotion/yrbs_2008_find_report.pdf verkry op 10/01/2010), is bevind dat meer as 'n vyfde van die tieners (10 270 deelnemers tussen gr. 8 en gr. 11) wat aan die studie deelgeneem het al gerook het. Talle leerlinge gebruik ook dwelms soos dagga (13%), stowwe wat ingeasem word (12 %), kokaïen ( 7 %), tik ( 7 %) en Mandrax ( 7 %).

© University of Pretoria

### 3.2.4 Vergelyking tussens seksualtiteit, alkohol en dwelms

### A – Seksualiteit

| A | DAAGLIKS | WEEKLIKS | WANNEER BEHOEFTE ONTSTAAN | PRAAT NIE MET HULLE DAAROOR |
|---|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 3.85 % | 6.73 % | 45.19 % | 44.23 % |
| 18 – 19 jr | 2.63 % | 2.63 % | 50.00 % | 44.74 % |

### B - Alkohol

| B | NOOIT | VOOR PARTYTJIES | NET EEN KEER GEPRAAT | HULLE OORREAGEER |
|---|---|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 12.50 % | 56.94 % | 18.06 % | 12.50 % |
| 18 – 19 jr | 9.38 % | 65.63 % | 9.38 % | 15.63 % |

### C - Dwelms

| C | NOOIT | VOOR PARTYTJIES |
|---|---|---|
| 16 – 17 jr | 29.81 % | 70.19 % |
| 18 – 19 jr | 24.32 % | 75.68 % |

Dit is baie interessant om te merk dat kinders óf glad nie die inisiatief neem om met hul ouers te praat oor seksualiteit nie óf slegs praat wanneer die behoefte ontstaan.

© University of Pretoria

Aan die anderkant wanneer daar gekyk word na alkohol en dwelms is dit elke keer die ouers wat die inisiatief neem en met hul kinders praat oor die gebruik en die gevare daarvan.

**3.3 Samevatting.**

Die feit dat hierdie vraelyste anoniem deur die tieners ingevul is, skep ruimte vir die moontlikheid dat hulle eerlik kon wees in hulle antwoorde. Uit hulle terugvoer is daar ‘n paar gevolgtrekkings wat gemaak kan word.

- Dit wil voorkom asof seksualiteit tog ‘n baie gewilde onderwerp onder tieners is, tieners prááT daaroor – of hulle in die stad of op die platteland bly.
- Tieners verkies dit om eerder met hul vriende as hul ouers oor die onderwerp te gesels. Moontlik voel hulle dat hulle vriende die situasie beter verstaan omdat hulle self hierdie druk en drange ervaar en beleef. Verder het hulle, om verskeie redes, nie genoeg vrymoedigheid het om met hul ouers hieroor te praat nie. Seks is in talle huishoudings 'n taboe onderwerp en tieners voel dat hulle ouers se denkwyse oor hierdie onderwerp outyds is.
- Dit wil voorkom asof die tieners op hierdie drie plattelandse dorpies baie waarde heg aan hoë morele standaarde. Die Bybel en God se bedoeling met die huwelik speel ‘n baie groot rol in hulle lewens. Moontlik is dit een van die redes waarom relatief min tieners wat aan die studie deelgeneem het, seksueel aktief is.
- Tieners gebruik die media, soos films, pornografiese tydskrifte en selfone om ‘n stukkie bevrediging te gee aan hul soeke en nuuskierigheid rondom seksualiteit.

© University of Pretoria

- Daar is beslis ‘n groter persentasie tieners wat alkohol gebruik as wat daar is wat seksueel verkeer.
- Die grootste groepering tieners gebruik alkohol veral oor naweke tydens partytjies. Hulle koop dit self of vra iemand anders om dit vir hulle te koop.
- Dis veral kommerwekkend dat tieners alkohol gebruik om weg te kom, om te vlug van hulle probleme.
- Die meeste tieners van hierdie drie plattelandse dorpe toon nie regtig ‘n honger en selfs belangstelling in ander dwelmmidels nie.
- Uit die statistiek is dit ook duidelik dat tieners slegs met hul ouers oor seksualitiet praat wanneer die behoefte by hulle ontstaan om met hulle daaroor te gesels. Aan die anderkant is dit duidelik dat ouers baie gereeld, veral voordat hul kinders na partytjies gaan met hul kinders praat oor die gevare van alkohol en dwelms.

Twee vrae wat egter nie gevra word nie, maar tog iewers in die toekoms gevra behoort te word is:

- Wat verstaan tieners onder die term seksuele omgang?
- Alkohol word dikwels as ‘n toevlug deur tieners gesien. Watter ander toevlug kan ‘n gemeente of ‘n ouerhuis vir tieners bied? Een waar hul dalk die regte oplossings op hul probleme kan kry?

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

## 4.1 Inleiding.

Die samelewing waarin ons `n bestaan probeer maak, is deurdrenk met mense wat een of ander vorm van nood ervaar en beleef. Dit mag enige van die volgende wees: gesinsnood, werksnood, finansiële nood of die vrees om uit my portuurgroep geskuif te word. Dis egter nie net volwassenes wat nood ervaar en beleef nie, maar ook ons kinders. Veral tieners wat een of ander ontwikkelingsfase deurgaan. Hulle probeer hulself vind en in hierdie strewe om uit te vind wie hulle regtig is, is hulle geneig om te eksperimenteer en te waag.

Wat die situasie egter vererger, is dat baie mense nie geraak word deur die nood wat ander mense beleef nie. Mense wat krisisse ervaar voel dikwels uitgestoot en alleen, so asof hulle eilandbewoners geword het in hierdie betonoerwoud. Baie soek na `n skouer om op te huil, `n oor om te luister en `n hand om vas te hou, maar kry dit nie regtig nie omdat die meeste mense self besig is met `n oorlewingstryd.

Aan die ander kant weet ouers, die ouerwordende gemeenskap, nie regtig hoe om tieners wat hulp soek te help nie. Hoe gee `n ouer, gemeente en gemeenskapleiers raad aan tieners wat dinge beleef en wat eksperimenteer met dit waarvoor hulle nog nie ryp is nie? Hoe kan daar vir hierdie tieners `n veilige hawe geskep word waar hulle hul harte kan uitpraat? Omdat die gee van geld die maklikste en vinnigste uitweg vir baie ouers is en in hierdie geval nie veel help nie, kyk sommige maar liewers ander pad en verwag dat die skool en die kerk die leidende rol sal neem in die begeleiding van die tieners deur hierdie storm en drang jare.

© University of Pretoria

**4.2 Narratiewe benadering.**

`n Narratiewe benadering veronderstel of suggereer dat daar kommunikasie moet wees tussen berader en die persoon/e wat berading ontvang. Hierdie kommunikasie kan verbaal sowel as nie-verbaal wees. Met verbale kommunikasie word die persoon die geleentheid gebied om vertellend sy situasie te skets en homself daarin te probeer vind. Deur nie-verbale kommunikasie word daar ook iets vertel, want deur lyftaal word `n sekere boodskap oorgedra.

Dis egter so belangrik dat mense hul menswaardigheid behou wanneer hulle probleme ervaar en daaroor gesels. Trouens, wie anders as die mens wat die probleem/krisis self aan sy/haar lyf voel, kan hulle lewensverhaal die beste vertel?

Morgan definieer die Narratiewe benadering as volg: "*Narrative therapy seeks to be a respectful, non-blaming approach to counselling and community work, which centres peoples as the experts in their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have many skills, competencies, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives*" (Morgan 2000: 2).

Freedman en Combs skryf "*Using the narrative metaphor leads us to think about peoples' lives as stories and to work with them to experience their life stories in ways that are meaningful and fulfilling. Using the metaphor of social construction leads us to consider the ways in which every person's social, interpersonal reality has been constructed through interaction with other human beings, human institutions and to focus on*

© University of Pretoria

*the influence of social realities on the meaning of peoples' lives*" (Freedman, Combs 1996: 1).

Binne die Narratiewe benadering word mense gesien as die kundige van hulle eie lewe. Daar is respek vir mekaar en die berader het `n "*non-blaming*" benadering. Meer nog, hierdie benadering wakker ook kreatiwiteit aan. Probleme word los van die mens gesien, want mense beskik oor die nodige vaardighede om hierdie probleme die hoof te bied. Hierdie vaardighede móét egter ontwikkel en beoefen word. Selfkennis is van essensiële belang. Deur stories gee mense betekenis aan dit wat hulle ervaar. Ervaring opsigself is nie goed of sleg nie. Dis die betekenis wat ons daaraan koppel wat dit goed of sleg maak.

Die narratiewe teorie se fokus is dus eerder op die sosiale aard as die innerlike prosesse. Kommunikasie het stories (gesprek) tot gevolg en albei die partye wat betrokke is in die gesprekvoering het 'n verwagting oor die uitkoms van die gesprek. Elkeen heg ook `n eie waarde aan dit wat gekommunikeer word. Die wyse waarop outobiografiese verhale gebruik word om spesifieke gebeurtenisse in mense se lewens te verstaan en hoe hierdie verstaan bydraend is tot emosionele en fisiese genesing, is verrykend.

Herman (2003:2) het die waarde van die narratiewe teorie besef en dit tydens sy beradingsessies as terapie aangewend. Hy het derhalwe tot die volgende slotsom gekom: "*I reviewed the evidence that creating a narrative about a stressful or traumatic event improves people`s health, cognitive function and psychological well being*" (Herman 2003:77).

© University of Pretoria

Clinebell (1984:122) beskryf hierdie teorie as volg: "...*such symbols and practices mean many things to many people. For some they carry heavy, negative, emotional freight. They can be used in rigid, legalistic ways that arouse inappropriate guilt feelings and block creative dialogue and spiritual growth in counseling*."

Herman (2003:2) definieer 'n narratief as volg: "*In the narratological literature, narrative is broadly defined as a sequentially organized representation of a sequence of events*." Hy beklemtoon ook verder dat elke beradingsgeval 'n storielyn het wat gevolg moet word (Herman 2003:8).

Elke mens probeer sin en betekenis aan sy lewe gee. Een van die maniere waarop dit gedoen kan word, is deur jou lewensverloop as `n storie/verhaal te sien. `n Storie gaan immers oor gebeurtenisse wat oor tyd heen op mekaar volg. Deur die Narratiewe benadering te volg en mense kans te gee om hul storie te vertel, die tema van die verhaal saam met hulle te ontdek, kan saam met hulle`n unieke einde vir hulle storie geïdentifiseer word.

In die woorde van Morgan "*A narrative is like a thread that weaves the events together, forming a story*" (Morgan 2000: 5).

Die berader se taak sou wees om hierdie gebeurtenisse saam te vleg en `n unieke uitkoms te kry. Die probleem is net dat mense soms meer as een storie vertel, bv. stories van my verlede, hede en toekoms. Dit wat met my gebeur het, beïnvloed sekere dinge in my lewe en as ek dit nie kan oplos nie, hou dit sekere gevolge in vir my toekoms wat veroorsaak dat ek nou reeds onrustig raak oor my toekoms.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wat ons egter in oog moet hou met die aanmekaar weef van hierdie verskillende stories, is wat Morgan skrywe: "*There is always a context in which the stories of our lives are formed. The context of gender, class, race, culture and sexual preference are powerful contributors to the plot of the stories by which we live*" (Morgan 2000: 9).

Freeman, Epston en Lobovits (1997:15) sê dat die begrip narratief veronderstel "*listening to and telling or retelling stories about people and the problems of their lives*."

**4.3 Pastorale versorging van tieners.**

In die verlede is kinders grootgemaak met die gedagte dat 'n kind gesien moet word en nie gehoor nie. Binne so 'n alternatiewe diskoers waar Ackerman en Bons-Storm (1998:10) beweer dat die "voiceless" mense, in hierdie geval kinders, die kenners is van hulself en hul eie menswees, word pastorale versorging se benadering teenoor die "voiceless" uitgedaag. Kinders wat deel van 'n geloofsgemeenskap of enige ander gemeenskap, het stemme en hul stemme moet gehóór word (Lötter 2005:25).

Tieners weet wat hulle behoeftes is en wat hul nodig het om gehelp te word. Hulle is ook bereid om dit met ons te deel indien volwassenes net bereid is om hul vooropgestelde idees en klaar uitgedinkte antwoorde een kant te sit en hul harte oop te maak en te luister.

© University of Pretoria

Volgens Kotzé (2003:18) behoort pastorale versorging saam met kinders die volgende ook in ag te neem: "*Those who have a voice and power have an ethical obligation to use the privilege of their knowledge/power to ensure participation with the marginalised and silenced, to listen to them, but not to decide for them, and to engage in participatory with them. The Question, who "benefits", becomes a central and guiding challenge*". Tieners se stemme moet gehoor word en hulle moet 'n stem kry om hulle probleme en nood op die tafel te sit.

Couture (2000:96) sê: " *In other words, the first step in the pastoral care of children is to think about broadening our own practice of the means of grace in our lives, beginning with "work of mercy". To crouch down to speak to a child at eye level, to stop our instinctive reactions to push a child aside and instead to think, how can I receive this child? To teach a child to play a musical instrument or take a child fishing is to open oneself to practice the means of grace in mercy and to open oneself to the presence of God in our relationship with a child*".

Om hierdie tieners te kan begelei deur hulle trauma en stres gaan vra dat die berader die tiener in sy leefwêreld sal moet ontmoet. Om homself deeglik te vergewis van wat hierdie tieners as belangrik ag. Eintlik sal die berader in sy wese `n tiener moet word om hom/haar werklik te kan verstaan. Gerkin (1997:88) sê dat pastorale versorging die sorg van mense is deur die "ups" en die "downs" van die lewe.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4.4 Die gebruik van die Narratiewe benadering in die pastorale versorging van tieners.

Deur van `n Narratiewe benadering gebruik te maak kan die berader, ouer of selfs `n gemeentelid, tieners begelei in die hantering van hul probleme. Eers wanneer ouers, grootouers en gemeentelede tot die werklike insig kom dat tieners ook moeilike tye, eensaamtye en gebrokenheid beleef, ontdek hulle die erns van die situasie en wil dit summier met die nodige erns op `n volwasse wyse ook aanspreek.

Volgens Freeman, Epston en Lobovits (1997:3) sal kinders dit anders wil hê: "*Given a choice, most children prefer to interact in a playful way. Serious discussion and methodical problem solving may impose on children's communication, shutting out their voices, inhibiting their special abilities, knowledge and creative resources*".

Deur gebruik te maak van die Narratiewe benadering, word geleenthede geskep waar daar steeds deur die berader met ernstige probleme gewerk word, maar ook op 'n "playful" manier. Die tiener kry dus geleentheid om op vlak, waar hy/sy gemaklik voel, hulle probleme te hanteer.

Om met hierdie benadering die pastorale gesprek tot sy reg te laat kom, is dit nodig om aandag te gee aan sekere vaardighede en praktyke.

© University of Pretoria

**4.4.1. Aktiewe deelnemende luister.**

Een van die belangrikste dinge wat die berader moet doen deur hierdie benadering, is om te luister. Die berader kan ook deur sy of haar lyftaal wys of hy/sy luister of nie. Aktiewe deelnemede luister veronderstel dat die berader of ouer of selfs die gemeentelid met empatie sal luister. Volgens die HAT beteken empatie "*Vermoë om jou persoonlikheid in die voorwerp van bepeinsing te projekteer en so tot `n volledige begrip daarvan te geraak; die vermoë om jou in die plek van `n ander te stel om sy reaksie en houding te begryp*" (Odendaal & Gouws 2000:204).

Empatie bestaan uit gevoel, situasie en gedrag. Dit verskil egter van simpatie. Simpatie het meer te make met "*Gevoel van verbondenheid, ingesteldheid om meelewend in `n ander se gevoelens te deel*" (Odendaal & Gouws 2000:979). Empatie is baie meer as om net met begrip te probeer luister. Die berader moet probeer om hom/haarself te vereenselwig met die lewensruimte van die persoon (tiener) wat sy/haar storie vir die berader vertel.

Dit vra egter dat elke berader moeite sal moet doen om die leefwêreld van die tiener te leer ken. Probeer agterkom hoe sien hulle hul eie leefwêreld, hoe reageer hulle binne hierdie leefwêreld en watter effek het hierdie wêreld op hulle. Om werklik sinvol na hulle te luister sal die berader ook sintuie soos oë, ore en gevoel moet gebruik. "*Omdat ons onseker en bang voel oor die vreemde wêreld van die ander, is ons geneig om ander vanuit ons klein ligkringetjie te probeer verstaan*" (Müller 2000:35).

© University of Pretoria

Die volgende vraag moet gereeld gevra word: Wat is die boodskap, boodskappe wat hierdie tiener aan my wil oordra? Vra vrae om seker te maak die berader hoor reg en verstaan reg. Bv. Indien die tiener sê dat hy/sy gefrustreerd voel oor dit en dat, kan die berader met reg hierdie waarneming bevestig deur die tiener te vra: "Jy voel gefrustreer want ...." Dit gee aan hulle die boodskap dat die berader werklik besig is om te luister.

**4.4.2. Dekonstruktiewe luister.**

`n Ander unieke faset in die narratiewe gesprek is dat die berader afstand moet doen van die posisie van "ekspert". Daar moet ook dekonstruktief geluister word. Dit behels dat die berader die betekenis van die storie moet verken.

Die doel van dekonstrutiewe luister is dat die berader/ouer/gemeentelid deur dekonstruktiewe vrae die betrokke persoon uitnooi om opnuut na hulle verlede te kyk en dit vanuit `n ander hoek, `n ander perspektief te probeer verstaan. Poog daarom daarin om die betrokke persoon sover te kry om sy probleem uit `n ander hoek te sien. Deur aktiewe luister met dekonstruktiewe vrae probeer die berader die storielyn in stand hou.

Om dit te doen, kan die berader ook vrae vra oor die geskiedenis van die persoon se verhouding met die gebeure, gedrag en gevoel: Wanneer het jy die eerste keer bewus geraak van die probleem wat jy het? Die berader kan ook fokus op die omgewings en kontekstuele invloede op die gebeure, gedrag en gevoel. Voorbeeld: Is daar sekere tye wanneer dit (bv. die drang na alkohol of seksuele bevrediging) sterker is as ander kere? Is daar omstandighede waarbinne die drang sterker is?

© University of Pretoria

Die effek of gevolge van die gebeure: Is daar `n lewensarea of tyd waar die probleem minder voorkom? Die berader kyk ook na die verhouding tussen die probleem en ander gebeure. Is daar dalk iets wat jy my nie vertel het nie wat hierdie probleem versterk?

**4.4.3. Eksternalisering.**

Nog `n unieke faset van die narratiewe gesprek is eksternalisering. "*One of the first things that a narrative therapist is interested in doing is to separate the person's identity from the problem for which they seek assistance*" (Morgan 2000:17). Met ander woorde, beskou die probleem apart van die persoon. Die tiener ís nie `n probleem nie, maar het `n probleem.

Freeman, Epston en Lobovits (1997:15) sê: "*Narrative therapy employs a linguistic practice called externalization which separates persons from problems. Separating the problem from the person in a externalizing conversation relieves the pressure of blame and defensiveness. Instead of being defined as inherently being a problem, a young person can now have a relationship with the externalized problem*."

In enige konflikhanteringsituasie is dit een van die eerste mikpunte om die probleem los te maak van die mens. Nie die mens nie, maar die probleem aan te spreek. Dit is sekerlik een van die moeilikste dinge om te bemeester in enige konfliksituasie, want baie mense ervaar dat die ander party die probleem is en probleem veroorsaak.

© University of Pretoria

Hoe gaan die berader te werk met eksternalisering? Volgens (Müller 2000:96-98) moet die berader die volgende stappe in gedagte hou:

- Dit is raadsaam om die probleem `n naam te gee. Die berader kan nie die naam uitkies nie, nee, die persoon met die probleem moet self die naam kies. Die berader kan wel leiding neem en voorstelle aan die hand doen of suggesties maak van wat `n moontlike naam mag wees. As die tiener byvoorbeeld met verwerping worstel, kan hy/sy dalk dink aan `n naam soos: "The black hole" om dit mee te beskryf.
- Die probleem moet gepersonifieer word en allerlei negatiewe intensies en taktieke moet as eienskappe van die probleem toegeken word. As daar aan die probleem van seksuele aangetrokkenheid aandag gegee word, kan die beeld van "like a moth to a flame" gebruik word om dit beter te beskryf.
- Stel ondersoek in na maniere waarop die probleem destruktief, oorheersend en ontmoedigend ervaar word. Voorbeelde hier kan ondere andere wees: Hoe het drank en/of seksualiteit, die aanvaarding binne my portuurgroep of die vrees vir verwerping my gekul, sodat ek begin glo het: "Ek is niks werd nie".
- Help hulle om aan tye, geleenthede en situasies te dink (in herinnering te roep) toe hulle dit reggekry het om nie toe te laat dat die probleem hulle lewe ontwrig nie. Met ander woorde was daar tye of geleenthede wat die tiener kan onthou toe hy/sy NEE gesê het vir die gebruik van alkohol, dwelms of seksuele gunsies.
- Help hulle om stories uit hulle verlede te kry wat daarop wys dat hulle eintlik bevoeg en sterk is. Dat hulle oor die potensiaal beskik om teen die probleem op te staan, maar dit nie altyd besef nie.

© University of Pretoria

- Wanneer hulle besef dat hulle tog sterk en bevoeg is om teen die probleem op te tree, moet hulle gehelp word `n toekomsstorie te verbeeld. As hulle weerstand bied teen hierdie versoekinge en aanvalle op hulle, kan hulle byvoorbeeld `n nuwe storie begin skryf met `n titel soos: "taking power back".
- Laastens moet daar `n gehoor ontdek of geskep word wat "applous" kan gee vir die nuwe identiteit en nuwe storie wat besig is om te ontwikkel. Is daar mense wat die tiener geken het voor die probleem (bv. alkohol gebruik, seksuele afhanklikheid, dwelms gebruik, ens.) hom/haar begin beïnvloed het? Die ideaal is dat die persoon vir iemand moet kan vertel van wat hy/sy reeds bereik het. Familie/vriende vir wie hulle kan vertel wat hulle al bereik het en wat hulle kan aanmoedig om daarmee voort te gaan moet gesoek word (Muller 2000:98).

Wat mens wel in die gesprek mag ontdek, is dat daar meer as een probleem ge-eksternaliseer word. Die berader se taak is dan om die betrokke persoon te begelei om hierdie probleme te prioritiseer. Die konteks/situasie/agtergrond waarbinne die tiener hom/haar bevind, mag egter nooit losgemaak word van die probleem nie.

Daarom moet daar ook gefokus word op die agtergrond/geskiedenis van die probleem. Bv. "Wanneer het jy dit ontdek? Hoe lank gelede? Wat kan jy onthou van jou lewe voordat die probleem opgeduik het?" Wanneer die verlede oopgemaak word, kan daar dalk nog meer probleme/stories ontdek word wat kan help met die oplossing van die situasie.

© University of Pretoria

Lötter (2005:28) sê die beginsel dat die tiener geleentheid kry om die probleem buite hulself te plaas, maak dat hulle nie aanvallend is nie. Om iets soos ongelukkigheid te eksternaliseer en objektief te maak, help nie net kinders om hulle probleme oop te maak vir bespreking nie, maar veroorsaak ook dat sulke gesprekke genotvol word.

Freeman, Epston en Lobovits (1997:15) sê ook: "*It has continued to astonish us how resourceful, responsible and effective children can be in facing problems! Externalizing language allows a lighthearted approach to what is usually considered serious business. Playfulness enters into a family therapy when we narrate the relationship between a child and a problem*."

Die berader kan dit ook oorweeg om soms van humor gebruik te maak in die proses van eksternalisering. Wanneer die berader kennis inwin oor sake waaroor tieners grappe maak, kan geraai word wat hulle hinder. Deur humor kan probleme wat te skrikwekkend is om die hoof te bied simbolies opgelos word. Lag en humor het natuurlik ook grense. Daar is `n groot verskil tussen mens lag óór iemand en lag sáám met iemand.

Deur te eksternaliseer, word mense gehelp om aan hulle probleme te dink as iets buite hulleself. Dis egter nie so maklik nie, want wat gevra word is dat die tiener homself/haarself los moet probeer maak van die probleem en die probleem dan van buite af beskou.

© University of Pretoria

Dit stel die tiener in staat om homself/haarself los te maak van die negatiewe, dominante stories en daardeur kan die tiener ander betekenisse aan gebeurtenisse gee. So word unieke uitkomste (*unique outcomes*) gevind. Met hierdie 'unique outcomes' kan die tiener sy/haar eie storie herformuleer om sodoende nuwe betekenisse daaraan te gee.

**4.4.4. Diskoers.**

"*From a narrative perspective, problems can only survive and thrive when they are supported and backed up by particular ideas. A discourse consists of a set of ideas, beliefs and principles that are taken for granted as truths or common place understandings*" (Morgan 2000:45).

`n Diskoers is `n aantal idees, veronderstellings en beginsels wat algemeen aanvaar word. Dit word die raamwerk waarmee die berader probeer sin maak van die lewe omdat dit ons bepaalde siening van die lewe onderstreep. Diskoerse word dikwels ook saamgestel uit vooropgesette idees van God, van myself, ander mense, en die wêreld waarin mense leef.

Een so `n diskoers sou wees dat die tieners onder mekaar redeneer: "*Omdat God my gemaak het as `n jong mens met seksuele drange, het Hy my ook gemaak om daardie seksuele drange te bevredig. En daar is geen beter tyd as nou om daardie drange te bevredig nie. As God dit nie so wou hê nie, sou Hy my nie daarmee geskape het nie*". `n Ander moontlike diskoers rakende alkohol en dwelms is dat dit die enigste middels is wat die lewe vir jou sinvol en genotvol maak.

© University of Pretoria

Diskoerse kan geïdentifiseer word deur die volgende vrae te vra:

- Wat is die onderliggende aannames wat hierdie storie laat sin maak?
- Watter ongeïdentifiseerde agtergrondaannames laat hierdie storie werk?
- Watter onderliggende idees mag lig werp op hoe mense praat en optree?
- Watter maniere van leef/optrede word as vanselfsprekend aanvaar, maar dit ondersteun/versterk die probleem? (De la Porte 2006).
- Wat glo die persoon oor hom/haarself? Bv. Ek moet deel van die groep wees anders is my lewe sinloos.
- Wat glo die persoon oor ander mense? Baie glo dat hul lewe sonder vriende geen betekenis en geen sin het nie.
- Wat glo hulle oor die wêreld?
- Wat glo hulle oor God?

**4.4.5. Unieke uitkoms.**

Met die Narratiewe benadering poog die berader om by `n unieke uitkoms te kom. "*A unique outcome can be anything that the problem would not like, anything that does not `fit' with the dominant story*" (Morgan 2000:52). Dit kan `n plan, `n droom, `n gedagte, `n oortuiging, `n vermoë, 'n gevoel, 'n stelling, 'n kwaliteit of `n verbintenis wees.

Friedman en Coombs (1996:89) sê: "*Our entryway for inviting people to author and live new stories through 'unique outcomes', that is, anything that wouldn't have been predicted in the light of a problem saturated story. Unique outcomes constitute openings that, through questions and reflective discussions can be developed into new stories*".

© University of Pretoria

Die berader se taak is om hierdie gebeure na vore te bring deur vrae wat die unieke uitkomste verwoord en verbreed (Morgan 2000:54). Soos `n gesoute speurder moet die berader luister en soek na hierdie unieke uitkoms, o.a. deur vrae te vra soos: "*Is daar tye wanneer die probleem nie so erg is nie? Kan jy tye onthou waarin jy gekeer het dat die probleem erger word? Kan jy 'n tyd identifiseer toe die probleem jou kon stop of in jou pad staan, maar dit het nie? Wat het gebeur?*" (Morgan 2000:57).

Twee tipes vrae kan onderskei word in hierdie verwoording en verbreding van unieke uitkomste, nl. landskapsvrae en identiteitsvrae.

Morgan (2000:60) gee 'n aantal voorbeelde van landskap en aksie-vrae om 'n unieke resultaat/uiteinde te verken. Hierdie is vrae oor die gebeurtenis. Omdat die berader op soek is na 'n volledige beskrywing van die probleem, sal hy/sy byvoorbeeld vra:

- Waar was jy toe dit gebeur het?
- Was jy alleen of saam met iemand anders?
- Wanneer het dit gebeur?
- Hoe lank het dit aangehou?
- Wat het voor en na dit gebeur?
- Hoe het jy jouself daarop voorberei?
- Wat het jou vriende/ouers gesê toe jy hulle daarvan vertel het?
- Was dit 'n besluit wat jy op jou eie geneem het of het jy dit saam met iemand anders geneem?
- Het jy dit voorheen gedoen of was dit jou eerste keer?

© University of Pretoria

Hierdie vrae sou baie goed gebruik kon word wanneer daar met tieners gepraat word wat vir die eerste keer seksuele omgang met iemand gehad het, of dalk selfs vir die eerste keer alkohol of dwelms gebruik het en nou met `n enorme skuldgevoel worstel.

Morgan (2000:61-62); Friedman & Coombs (1996:136-138) Muller (2000:8-13/Ch 1) gee voorbeelde van identiteitsvrae "*to explore the meaning of unique outcome*", m.a.w. wat sê dit vir jou as persoon.

- Begeertes, wense voorkeure.
  Toe jy daaraan gedink het of selfs beplan het om dit te doen, wat sê dit oor wat jy wil hê vir jou lewe?
- Persoonlike waardes.
  Op watter persoonlike waardes is hierdie aksie gebaseer?
- Verhoudingskwalitiet.
  Hoe sou jy jou verhouding met jou vriend/vriendin/portuurgroep/ouers beskryf toe dit gebeur het?
- Persoonlike vaardighede en vermoëns.
  Wat het dit jou gekos om dit te doen?
- Intensies, motiewe, planne, doelwitte.
  Toe jy hierdie stap geneem het, wat was jou beplanning vir jou lewe? Wat sê dit oor jou as persoon, dat jy so iets sou doen?
- Geloofsoortuigings en waardes.
- Kan jy my help om jou oortuigings en waardes beter te verstaan? (De la Porte 2006).

© University of Pretoria

Binne die pastorale gesprek kan hierdie vrae gebruik word om die tiener te help om weer heel te voel. Om tieners te help om tot die besef te kom dat al het hulle `n fout begaan het, dit beslis nie die einde van hul lewe is nie.

**4.4.6 Tipes verhale.**

In die Narratiewe pastoraat is die gesprekke wat die berader voer nader aan gesels. `n Geleentheid wat ander gebied word om hulle stories met mekaar te deel en uit te ruil. Die doel met die vertel van `n verhaal is nie om informasie vry te stel nie, maar om die verteller, in hierdie geval die tiener, geleentheid te bied om “tot verhaal" te kom.

Volgens (Müller 2000:72) is die terapeut se taak om vyf groot bewegings uit te voer. Dit kan gedoen word deur aan die volgende vyf verhale aandag te gee:

**4.4.6.1 Die noodverhaal.**

Elke mens beleef een of ander tyd in sy lewe nood. Elke mens se nood verskil ook van ander se nood. So is daar bv. finansiële nood, werkloosheid, armoede, droefheid, ens. Elkeen wat in nood verkeer se eerste behoefte is sekerlik dat daar met respek en ontsag geluister sal word na die storie van nood wat hulle vertel. Die waarom-vrae sal dus eers gelos moet word, omdat daar nie nou gefokus word op die **interpretasie van wat** gebeur het nie, maar eerder **om wat** gebeur het (Muller 2000:73).

© University of Pretoria

Baie mense wat in nood verkeer, begin sommer dadelik by die waarom vraag, maar die berader sal bedag daarop moet wees en eerder konsentreer op die wat vrae. Hiermee saam kan sirkulêre vrae gevra word wat baie help om van die “wat” vrae oor te beweeg na die “waarom” vrae. Sirkulêre vrae het `n hele paar voordele:

- Dit laat mense tot stilstand kom en nadink oor wat gebeur, eerder as om net op die stereotipiese manier te veroordeel.
- Hierdie vrae sny binne-in konflikte in, nie alleen tussen gesinslede nie, maar ook tussen gespreksgenote en die terapeut.
- Dit het meer ‘difference thinking’ tot gevolg. Dit kan die insig bring dat `n klein verskuiwing in die manier van interaksie `n verskil kan maak" (Muller 2000:73-76).

Elke tiener wat vasgevang is in die greep van stres of trauma, beleef een of ander vorm van nood. Hulle worstel met moontlik skuldgevoelens en dalk vrese, oor wat ma en pa of dalk die gemeenskap geen sê as hulle uitvind wat gebeur het. Die berader sal ’n bewuste poging moet aanwend om nie die “waarom” vraag te vra nie, maar liewer die “wat” vraag. Wat het regtig gebeur? Vertel jou storie sodat ons kan luister na jou nood.

**4.4.6.2. Die verledeverhaal.**

Die nood verhaal is in `n mate ook `n verledeverhaal. Die verledeverhaal gaan egter net `n bietjie verder as die nood en gee `n bietjie meer lig (duidelikheid) op die nood. Hoe meer duidelikheid mens het oor die spesifieke nood, hoe makliker kan mens by verligting uitkom.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dis egter van kardinale belang dat die berader nie veroordelend moet luister na die verledeverhaal nie, maar luisterend moet luister. "*Daar kan nie 'storymaking' plaasvind sonder dat die verlede eers deeglik vertel is nie*" (Muller 2000:77).

Die berader sal hier die kuns moet aanleer en bemeester om hierdie tieners aan die praat te kry, om sodoende by die werklike nood uit te kom. Hetsy dit nou seksualiteit, alkohol of dwelms is. Die tieners sal dalk ontdek dat hulle nie hul verlede kan vergeet nie, maar met genade kan hulle leer om met daardie foute saam te leef.

"*In die Narratiewe benadering gaan dit egter nie net om `n terugroep van die verlede nie, maar om `n herbelewenis van die verlede. Dit gaan nie oor `n herwinning (recycling) van die verlede nie, maar om die konstruering van `n toekomsstorie uit die herinnering van die verlede*" (Muller 2000:77).

Dit is goed om die verledeverhaal op te kan roep en te vertel, want dit help die berader om homself/haarself te posisioneer met die oog op die toekoms. Die verlede mag nooit heeltemal vergeet word nie, want as die berader en selfs die tiener dit sou vergeet, het hulle nie werklik `n bril waarmee hulle na die toekoms kan kyk nie. Soms is daar dinge wat onthou word, wat niks anders is as `n geweldige swaar las wat die tiener moet saamdra nie. Om om gesond te kan vergeet, is dit nodig om eers goed te kan onthou.

© University of Pretoria

Om die verledeverhaal reg te kan benut in die gespreksproses, kan 'n mens gebruik maak van:

- Verhale uit jou kinderjare. Nie dat jou kinderjare jou lewensverhaal word nie, maar eerder `n verhaal van `n insident wat in jou kinderjare plaasgevind het.

- Grafiese voorstellings soos:
  Genogram: " `n Genogram is `n diagram van familie en gesinsstrukture wat gebruik word om patrone en temas binne die familie oor drie of vier geslagte te verhelder" (Muller 2000:80).

  Lewenslyn: Dit is nog `n baie eenvoudige maar effektiewe manier om gespreksgenote te begelei om hulle verhale te vertel. Die lewensverloop word op `n plat lyn met "oppe" en "affe", kinkels en draaie voorgestel (Muller 2000:84).

  Eksokaart: Eksologie bestudeer die sensitiewe balans wat tussen lewende skepsels en hulle omgewing bestaan. Dit gaan ook oor sosiale, ekonomiese, politieke en ander strukture wat die konteks van die gesin bepaal (Muller 2000:85).

**4.4.6.3. Die verduisterde toekomsverhaal.**

"*Die toekomsverhaal funksioneer nie eksplisiet nie, maar implisiet. Die verledeverhaal kan vertel word, want dit het al vorm aangeneem in die mense se interpretasies. Die toekomsverhaal lê nog voor soos `n embrio in die baarmoeder van die verlede*" (Muller 2000:87).

© University of Pretoria

Die wyse waarop die toekomsverhaal hanteer word, vra groter vernuf van die berader, want die inligting van die toekomsverhaal moet nog gesoek word, uitgesnuffel word, uit die rommel van die verledeverhaal.

Baie mense kyk net in die rug van die verlede vas en die berader moet in sy gesprekke die betrokkenes so begelei dat hulle `n vorentoe-perspektief kan kry, sodat hulle weer `n keer die pad voor hulle kan sien en sodoende ook hul ervaring van die hede kan verander. Tieners moet begelei word om nie die heeltyd vas te kyk teen die foute wat hulle gemaak het nie. Tieners wat seksueel verkeer het, besef dat hulle nooit die proses kan omdraai nie, en met hierdie foute moet saamleef, want wat gebeur het, het klaar gebeur.

Met die regte benadering kan hulle egter gehelp word om uit hul foute te leer en na die hede en die toekoms met nuwe oë te kyk, nuwe drome te droom.

**4.4.6.4. Die hervertelde verledeverhaal.**

Die lewensverhaal word herformuleer deurdat ander, nuwe betekenisse aan die gebeure toegeken word. Om `n verhaal, jou persoonlike verhaal, te vertel is nie net `n opeenhoping van feite nie, maar eerder die verbalisering van ervarings, van dit wat jy deurgemaak het. "*Om die verledeverhaal te vertel kan vergelyk word met 'bactracking'. 'Looping' is om te werk aan die herformulering, want dit behels 'diving down and coming up behind the issue and seeing it from a different perspective'. Dis as't ware om jouself te agtervolg, om op jou eie spore terug te loop en jou eie weë van nuuts af te probeer verstaan*" (Muller 2000:92-98).

© University of Pretoria

Hierdie kan nogal vir `n tiener `n redelike pynlike proses wees, want die meeste van hulle sou eerder net wil vergeet van hul verlede. So mag dit gebeur dat ’n meisie wat haar maagdelikheid verloor het, eerder van die liggaamlike en emosionele pyn wat dit meegebring het, wou vergeet, terwyl sommige tiener seuns eerder spog met hul trofee en reeds begin droom oor die volgende een.

Deur hierdie verledeverhaal weer oor te vertel ontdek hierdie tiener homself in die foute wat hy/sy gemaak het en kan dit hulle help in die helingsproses.

**4.4.6.5. Die verbeelde toekomsverhaal.**

Hierdie is `n kragtige middel tot verandering van die hede. Mense moet gemotiveer word om te droom oor die toekoms, want daardeur word hulle gehelp om gemotiveerd en doelgerig op te tree en opgewonde te raak oor die mooi wat nog moet kom. Een van die sterkste wapens wat jy kan gebruik, is jou ryk verbeelding. Uit dit wat mense in die verlede ervaar het en dit wat hulle nou in die hede beleef, projekteer ons beelde van wat ons bestaan in die toekoms sal wees. Met hierdie toekomsverhaal pak ons die reis van môre en oormôre aan (Muller 2000:99-101).

"*Die pastorale terapeut het die uitdaging om te midde van `n hooplose situasie vir mense te help om `n droom te droom en `n toekoms te verbeeld - om hulle weer `n lied te laat sing. Al het daar en kan daar niks wesenliks aan die huidige situasie verander nie, bestaan pastorale terapie daarin dat mense gelei word tot die konstruksie van `n toekomsverhaal wat realisties is en sin maak*" (Muller 2000:102).

© University of Pretoria

Wanneer ons met opregte berou ons toevlug tot God neem, vergewe Hy ons daardie sonde en maak ons weer nuut. Al voel die tienermeisie dat iets moois en kosbaar van haar af weggeneem is, soms dalk ook met haar eie toestemming, mag sy nou al ook begin droom oor iemand spesiaal wat oor haar pad sal kom en haar ook sal aanvaar net soos wat sy is, met foute en tekortkominge. Niemand is volmaak nie.

**4.5 Slot**

Deur van `n Narratiewe benadering gebruik te maak en binne hierdie benadering ruimte te maak vir die tiener(s) deur na hom/haar/hulle te luister, aan te moedig en te begelei om hulle lewensverhale te vertel, kan die berader daardie tiener(s) suksesvol begelei in die hantering van hul trauma en stres. Die berader sal egter moet tyd maak en met liefde, geduld en begrip luister sodat daar 'n vertrouensverhouding tussen berader en tiener(s) gevorm kan word. Met 'n vertrouensverhouding in plek kan die berader, deur van die Narratiewe benadering gebruik te maak, die pad na herstel en opbou met die tiener(s) begin.

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

## 5.1 Aanbevelings.

Wanneer daar na die Narratiewe benadering binne hierdie konteks gekyk word, word daar gefokus op die leefwêreld van die betrokke tiener(s) wat met sekere krisisse worstel. Aan hulle word die geleentheid gebied om in `n leefwêreld waarin hulle omring word deur onsekerhede, hulleself te vind in hulle lewensstorie(s) wat hulle vertel. Die berader sal dikwels meer as een realitiet in die betrokke persoon se lewe ondersoek. Die berader sal ook moet gaan kyk hoe die persoon se lewe sosiaal gekonstrueer is.

Wat is die onderliggende dinge en waar kom die idee vandaan? Die Narratiewe benadering stel die berader in staat om eerder te luister na die betekenis van gebeure i.p.v. die feite. Sodoende kan die berader saam met hulle kyk na die betekenis van hul lewensverhaal. In `n post moderne samelewing waarin alles byna teen die spoed van lig gebeur, val die noodkrete van baie tieners op dowe ore.

Die berader sowel as die hele plattelandse gemeenskap wat hiermee `n verskil in tieners se lewens wil maak, staan voor die volgende uitdagings:

- Dat plattelandse gemeentes pro-aktief optree om hierdie probleme aan te spreek.
- Dat jeugleiers opgelei word in die basiese beginsels van die Narratiewe benadering.
- Dat hierdie temas in jeugprogramme en prediking aandag kry.

© University of Pretoria

- Dat ouers aktief onderrig word om tieners te verstaan en te ondersteun.
- Dat bestaande ondersteuningsmeganismes (bv. in die skool) aangewend word om probleme te hanteer.
- Dat die kerk ook aandag gee aan noodsaaklike lewensvaardighede soos: Vertroue in God en medemens. Opregte liefde wat spruit uit `n verhouding met God. Strewe na volwassenheid.
- Besluitnemingsvaardighede: Om tieners te help om verskillende opsies te kan identifiseer en daaruit `n besluit te kan neem.
- Probleemoplossingsvaardighede: As tieners nie geleer word om probleme op te los nie, kan dit lei tot emosionele en fisieke stres.
- Kritiese denke: Met hierdie vaardigheid kan die tiener inligting ontleed en objektief nadink oor ervarings.
- Empatie: In die aanleer van hierdie vaardigheid gaan dit juis daaroor dat die tiener hom/haarself kan voorstel hoe `n ander tiener of volwassene voel oor die krisis of probleem waaraan hulle blootgestel is.
- Streshantering: In hierdie vaardigheid gaan dit daaroor dat die tiener moet kan identifiseer wat stres veroorsaak, hoe dit hom/haar beïnvloed en hoe hy/sy dit kan verminder.

© University of Pretoria

**5.1.1 Riglyne vir moontlike gesprekvoering.**

Om die ouer gemeenskap te help in die hantering van hierdie gesprekke met tieners, kan daar op die volgende areas gefokus word:

- Verstaan die tiener se leefwêreld:
  Tieners verstaan hulself ook nie altyd nie en voel dikwels of hulle nie in beheer is van die veranderinge in hulle liggame en emosies nie. Hulle is op soek na privaatheid en daarom maak hulle die kamerdeur soms toe en dra hulle oorfone. Tieners wil tog grense hê al baklei hulle daarteen. Daardie grense laat hul heel dikwels ook veilig voel. Tieners wil graag op hul eie besluite neem. Gee hulle ruimte daarvoor, lei hulle daarin en leer hulle om ook die gevolge van daardie besluite te dra. Verseker dink hulle anders, meer modern as tieners van 30 jaar gelede. Hulle leef in `n meer moderne wêreld wat tegnologies ongelooflik vooruitgegaan het.

- ’n Vertrouensverhouding tussen die berader en tiener is van kardinale belang.
- Die berader moet geloofsekerheid hê, toegerus en bekwaam wees.
- Die berader moet bereid wees om opofferinge te maak.
- Die berader moet ook `n liefde vir tieners hê, dit wys en uitleef.
- Die berader moet ’n fyn waarnemer wees, goed kan kommunikeer en die tiener begelei om ’n eie storie te kan vertel.
- Die berader moet eg wees.
- Die berader moet vrae vra om seker te maak dat hy/sy reg hoor en die tiener die geleetheid gee om sy/haar verhaal met meer detail te vertel.

© University of Pretoria

- Die berader moet bid vir die tiener, saam met die tiener, ook vir sy/haar ouers en hul huisgesin.

**5.2 Voorstelle vir verdere studie.**

Hierdie studie het baie ander terreine en velde vir verdere studie oopgemaak. Die volgende kan moontlike terreine wees waar verdere studies ’n bydrae tot die wetenskap kan maak:

- Die verskil in dinamika tussen die stedelike en plattelandse omgewing.
- Die gebruik van die Narratiewe benadering in jeugprogramme.
- Die uitwerking van egskeiding, die krisis van enkelouer opvoeding en watter invloed dit uitoefen op die trauma en stres wat die tiener beleef.
- Die implimentering van tiener ondersteuningsgroepe vir tieners binne die skool milieu.
- Die uitwerking van die trauma en stres van tieners op die res van die gesin. Watter ondersteuningstrukture is in plek vir ouers en in werking vir ouers?

**5.3 Slotwoord.**

Aan die begin van hierdie studie is verwys na die ontstellende tendense wat posvat in tieners se lewe op die platteland. Aanvanklik is gedink dat plattelandse tieners veilig is en dat hulle nie aan dieselfde gevare blootgestel word as die tieners in stede nie.

© University of Pretoria

Kommer by die personeel van die plaaslike hoërskool oor tieners se blootstelling en vergrype aan drank, dwelms en seks, het die wenkbroue laat lig en die vraag laat vra: Hoe gereed is ons om hierdie gedrag van tieners te bestuur?

Die hipotese wat vir hierdie studie gekies is en wat die invalshoek bepaal het, was dat ouers en tieners nie bekend is met mekaar se leefwêrelde nie. Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat die hipotese beslis waar is. Hierdie studie het duidelik gewys dat tieners op die platteland seksueel aktief is, alkohol gebruik en in 'n mindere mate ook dwelmmiddels gebruik. Hul betrokkenheid hierby en die gebruik hiervan gee verseker aanleiding tot trauma en stres.

Na my mening is hiermee nog nie naasteby volledig aandag gegee aan die krisisse, trauma en stres wat tieners op die platteland beleef nie. Hierdie is nog net die oortjies van die seekoei.

Die doel van hierdie studie was om ouers, tieners, gemeentelede, onderwysers en beraders bewus te maak van die krisis wat daar is. Verder ook om te begin werk aan 'n pastorale benadering in die hantering van gesprekke en om die betrokke partye die geleetheid te bied om hul eie storie(s) te vertel.

Indien hierdie studie gesprekvoering en begeleiding tussen die ouer gemeenskap en tieners stimuleer, het hierdie studie na my mening geslaag. Die navorser glo en vertrou dat hierdie navorsing daartoe sal bydra dat meer ouers, onderwysers en gemeentelede meer bekend sal wees met die leefwêreld van die tiener en vandaar ook leiding kan gee in die hantering van trauma en stres.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## Bronnelys:

Adams, J. F. 1980. *Understanding adolescence. Current developments in adolescent psychology*. Boston, Massachusetts, Allyn & Bacon.

Allen, B. P. *Adolescence,* Vol 22 (86) 1987. p 271-290.

Biehler, R. F. 1981. *Child development: An introduction*. Boston, Houghton Mifflin

Bons-Storm, R. 1998. *Putting the little ones into dialogue: A feminist practical theology, in Ackermann, D.& B. Bons-Storm, R. (eds), Liberating Faith practices: Feministe practical theologies in context 9-25*. Leuven, Peeters.

Bradford, K., Vaughn, LaToya Burns, & Barber, Brain K. *Journal of Family Issues*; June 2008, Vol. 29 Issue 6, pp.708-805.

Couture, P. D. 2000. *Seeing children, seeing God: A practical theology of children and poverty.* Nashville, Abington Press.

Clinebell, H. 1984. *Basic types of pastoral care and counseling – resources for the ministry of healing and growth.* Nashville, Abingdon Press.

Cummings, R. 1995. *Adolescence.* University of Nevada, Reno, Harcourt Brace

de la Porte, A. E. 2006. *Pastorale sorg en berading,* studiegids uitgedeel by die pastorale sorg en trauma berading kursus, Universiteit van Pretoria, Pretoria 21-24 Augustus 2006.

© University of Pretoria

Dingemans, G. D. J. 1996. *Manieren van doen: Inleiding tot die studie van de Practische Theologie*. Kampen, Kok

Edwards, D. N. 1994. *Adolescents in Crisis*: A Sociopedagogic perspective. UP

Feldman, R. S. 2004. *Child Development* 3rd Edition. New Jersey, Prentice Hall

Finesse, Julie 2011. *Speletjies waarvan ons min weet*. pp.66-67.

France, A. 2007. *Understanding Youth in Late Modernity*, London, Mc Graw Hill

Francisco, M. A., Hicks, K., Powell, J., Styles, K., Tabor, J. L, & Hulton, L. J. *Journal for Specialists in Pediatric Nursing*; Oct 2008, Vol 13 Issue 4, pp.237-248.

Freeman, J., Epston, D., Lobovits, D. 1997. *Playful approaches to serious problems. Narrative therapies with children and their families*. New York, Norton.

Freedman, J. & Coombs, G. Narrative Therapy. *The social construction of preferred realities.* Norton & Company, London.

Garbarino, J. 1985. *Adolescent development*. *An ecological perspective.* Columbus, Ohio, Bell & Howell

*Geen porno op sel,* Rapport 2, 06 Junie 2010. p. 1

Genot, S. 1996. *Narrative Theory. Post-Modernism and the self*. Doktorale Skripsie. Pretoria, Unisa.

Gerkin, C. V. 1997. *An introduction to Pastoral care*. Nashville, Abingdon

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gouws, E. & Kruger, N. 1994. The Adolescent: *An Educational Perspective.* Durban, Butterworth Publishers (Pty) Ltd.

Gouws, L. A. & Louw, D. A. & Meyer, W. F. & Plug, C. 1979. *Psigologie woordeboek*. Pretoria, Sigma Press.

Hansen, P.A. 1991. *Survivors & Partners*. Longmont, Heron Hill Publishing CO

Heartherington, L., Tolejko, N., McDonald, M. & Funk, Janette. *Journal of Family Psychology*; Jun 2007, Vol.21 Issue 2, pp.315-319.

Hepworth, D. H., Farley, O. W. & Griffiths, J. K. *Social Casework. Vol. 69* (4) 1988 pp.195-203.

Herbert, M. 1987. *Living with teenagers*. New York, Basil Blackwell

Herbst, A & de la Porte, A. E. 2006. *Memory work: Telling your story through life maps*. Pretoria, CB Powell Centre

Herman, D. 2003. *Narrative Theory and the Cognitive Sciences. Centre for the studies of language and information*. Stanford, CSLI Publications.

Heyns, J. A. & Jonker W. D. 1977. *Op weg met die teologie.* N.G. Kerkboekhandel, Pretoria

Heyns, L. M. & Pieterse, H. J. C. 1991. *Eerste treë in die praktiese teologie.* Gnosis Boeke, Menlo Park, Pretoria.

*Hoe gemaak met SA jeug wat wegdryf?,* Beeld, 22 April 2010. p.20

Jeugfokus, 2006. *Issues 911*. Wellington.

© University of Pretoria

*Jou tiener en seks,* Lig, Maart 2010. Bl. 27.

Kazeen, D. 2004. *Youth and upcoming challenges.* Referaat gelewer by SACLA 2004.

Kotzé, D. 2003. *Doing participatory ethics, in Kotzé, D. & Myburg, J., Roux, J & Associates, Ethical ways of being, pp.1-34*. Pretoria, Marror.

Lötter, L. 2005. *Narratiewe Pastorale versorging saam met kinders in Laerskole. 'n Ondersoek na die etiese dilemmas van "Loosit" as 'n relevante, Evangelies – kontekstuele model.* Pretoria, Unisa.

Louw, D. J. 1986. *Geen mens mag skei nie (?)* Parow, Nasionale Handelsdrukkery.

Louw, D. J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode, terapie.* Pretoria, Sigma Pers.

Louw, A. E., Van Ede, D. M. & Ferns, I. 2001 *Adolessensie. In Louw, D. A., Van Ede, D. M. & Louw, A. E. 2001 Menslike ontwikkeling.* 3 de Uitgawe. Kaapstad, Kagiso Tersiêr

Lukonis, C. J., Lustig, S. L., Brant, R., Goldman, S. J. & Vaughan, B. L. *Harvard Review of Psychiatry*; November 2001, Vol 9 (6), pp.302-309

McCarthy, B. & Casey, T. *American Sociological Review*; December 2008, Vol.73 Issue 6, pp.944-969

Meyer, W. F. & Van Ede, D. M. 1998. *Ontwikkelingsteorie in Louw, D. A., Van Ede, D. M., Louw, A. E., 1998. Menslike ontwikkeling*. 3de Uitgawe. Pretoria, Kagiso Tersiêr.

© University of Pretoria

*Mookgophong*, besigtig op 06 September 2010 van *http://en.wikipedia.org/wiki/Mookgophong.*

Morgan, A. 2000. *What is narrative therapy?* Adelaide, Dulwich Centre Publications.

*Morné se motief steeds duister*, besigtig op 10 September 2009 van *http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/*

Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie*. Pretoria, RGN Uitgewers.

Müller, J. 2000. *Reis-geselskap*. Wellington, Lux Verbi.

Narramore, B. 1991. *Adolescence is not an illness.* New York, Flemming H. Revell Company

Nel, M. 2001. *Jeugbediening. 'n Inklusiewe volwassenheid. Gemeente benadering.* Bloemfontein, CLF- Drukkers

Newton, M. 1995. *Adolescence: Guiding youth through the perilous ordeal.* New York, WW Norton & Company Inc.

Obsatz, M. 1999. *Nie-gewelddadige kinders in 'n geweldadige wêreld.* Kaapstad, Lux Verbi.

Odendaal, F. F., Gouws, R. H. 2000. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Midrand, Perskor Uitgewers

Phares, V., Fields, S. & Kamboukos, D. *Journal of Child & Family Studies;* February 2009, Vol. 18 Issue 1, pp.1-9.

© University of Pretoria

Pieterse, H. J. C. 1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria, RGN Uitgewers.

Pretorius, J. W. M. 1994. *Ontwikkelingsfases van die opvoeding in Ferreira, G. V. (redakteur), Pretorius, J. W. M., Bender, C. J. G. 1994. Temas in Psigo-Pedagogiek*. Stellenbosch, Universiteituitgewers.

Schinke, S. P., Cole, K. C. A. & Lin, F. *Journal of Studies on Alcohol & Drugs;* January 2009, Vol. 70 Issue 1, pp.70-77.

*Seks, selfmoord…. Skokfeite oor tieners*. Beeld, 21 April 2010, p.1.

Steinberg, L. 1985. *Adolescence*. New York, A Knopf.

Stevens-Long, J. & Cobb, N. J. 1983. *Adolescence and early adulthood.* California, Mayfield Publishing Company.

Thom, D. P., Louw, A. E., Van Ede, D. M. & Ferns, I. 2001 *Adolessensie. In Louw, D. A., Van Ede, D. M. & Louw, A. E. 2001 Menslike ontwikkeling*. 3 de Uitgawe. Kaapstad, Kagiso Tersiêr

Thomas, R. M. 2000. *Comparing Theories of child development.* 5th Edition USA, Wadsworth/Thompson Learning.

*Tienerselfmoord,* Rapport, 30 Oktober 2005. p.LII

*Tieners wat sny, wurg en weier om te eet,* Lig, Julie 2010. pp.43-44

Tiesel, J. W. & Olson, D. H. *Family Relations*. Vol. 41 (4) 1992 pp.398-403.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Niekerk, L. & Van der Spuy, D., Barnard, A., Becker, C., Kruger, N., Schoeman, S., Van Niekerk, T., Van Rooyen, L, Vorster, A. Tweede druk 1998. *Tieners gereed vir die lewe*! Pretoria, Mandi-Drukkers BK.

*Wat sê jy oor seks*, Jip, 2010. p.3.

Widd, G. 2009. *Seks slim vir ouers van tieners*. Vanderbijlpark, Carpe Diem Media.

Wagner-Ferreira, E.C. 2006. *'n Empiriese navorsing rakende die bedieningsbehoeftes van tieners in die NG Gemeente Waverley met spesiale verwysing na die erediens.* Universiteit van Pretoria.

*Youth Risk Behaviour Survey 2002*, besigtig op 03 Augustus 2010 by *http://www.mrc.ac.za//public/facts25.htm*.

*Youth Risk Behaviour Survey 2008,* besigtig op 10 September 2010 by *http://www.mrc.ac.za//healthpromotion/yrbs_2008_find_report.pdf.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BYLAAG A

## Toestemmingsbrief wat aan ouers gestuur is.

© University of Pretoria

## 1. Titel van Navorsingsprojek.

Trauma- en stresbegeleiding by tieners deur 'n ondersteuningsgroep: 'n Prakties-Teologiese ondersoek.

## 2. Doel van studie.

Tieners op die platteland wend hulle al meer tot twyfelagtige gedrag rakende seksualiteit, dwelms, alkohol, ens. Tieners doen deesdae sekere dinge wat ons as ouers nie eens sou waag om aan te dink nie. Waarom ervaar tieners al meer en meer krisisse en probleme? As die plattelandse lewe dan so goed is vir jongmense, waarom "cope" hulle nie meer nie? 'n Moontlike oplossing sou wees om ouers en tieners so ver te kry dat hulle met mekaar gesels, mekaar se leefwêrelde te ontdek, en ook ruimte te maak vir mekaar. Meer nog: Daar kan heel moontlik binne die plattelandse gemeentes ondersteuningsgroepe gemobiliseer word wat tieners kan ondersteun in die hulle hantering van stres en trauma teen twyfelagtige gedrag.

***Die doel van die navorsing is tweërlei van aard:***

Eerstens om onder andere deur vraelyste te probeer vasstel wat werklike leefwêreld van die tiener op die platteland is en wat aanleiding gee tot hul soms vreemde optrede. Watter vrese dit by hulleself, hul maats, ouers, skool, kerk en gemeenskap wakker maak.

So maklik word gesê dat as ouers meer betrokke is in hulle kinders se lewens, sal hulle die gevaartekens raaksien en die probleme self vroegtydig kan oplos. Ander sê weer dat dit ouers se skuld is waarom hulle kinders so vreemd optree.

© University of Pretoria

Versaak ouers dalk hulle opvoedingstaak? Is dit bloot net gissings of steek daar enige waarde daarin?

Tweedens wil hierdie navorsing help om die tieners beter te verstaan en wanneer jy hulle werklik verstaan kan jy met groter begrip vir hul situasie `n bedieningsgroep mobiliseer om effektief betrokke te raak in die verwerking en hantering van die trauma by hierdie jongmense.

**3. Voordele verbonde aan hierdie studie.**

Die data wat ontgin word wat die vraelyste oplewer, sal waarde toevoeg tot die gebrek aan kennis wat daar tans bestaan. Dit sou ook meer lig kon werp op die verskillende wêrelde waarbinne tiener aan die een kant en ouers aan die ander kant leef. Beter verstaan van mekaar se leefwêrelde poog om te lei tot beter begrip van mekaar en die moontlike oplos van talle krisis momente.

**4. Konfidensialiteit.**

Geen name word enigsins ingevul op die vraelyste nie. Daarom kan geen inligting ook aan sekere ouer en/of tiener gekoppel word nie. Die inligting verkry deur die invul van die vraelys word verwerk sodat daar ‘n geheelbeeld gevorm kan word van tieners se leefwêreld.

Die vraelyste wat tieners invul word in die meegaande koevert verseël, gemerk VRAELYS TIENER. Die toestemmingsbrief wat die ouer/voog invul, word in die koevert verseël, gemerk TOESTEMMINGSBRIEF. Daarna moet u hierdie koeverte plaas in die houers gemerk “Vraelys tiener“ en “Toestemmingsbrief“ by u gemeente se kerkkantoor.

© University of Pretoria

Ek gee hiermee vrywilliglik my toestemming om deel te neem aan die studie. Ek verstaan die doel van die studie, asook die werkswyse.

Ek ________________________________________ ouer/wettige voog van

_______________________________________ gee my toestemming dat my/ons tiener aan hierdie studie mag deelneem.

Geteken te __________________________ op hierdie _________ ste dag van

______________________ 2011.

_____________________________

Ouer / wettige voog

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BYLAAG B

## Vraelys aan tieners

© University of Pretoria